# HOOFSTUK 6

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek en die meetinstrument bespreek. Vervolgens word die administratiewe prosedure verduidelik en die populasie en steekproef bespreek. Die statistiese tegnieke wat vir die analise van die data gebruik is, word daarna beskryf en die vraelysresponse chronologies aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer. Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevattende evaluering van die resultate soos verkry deur middel van die empiriese ondersoek.

### 6.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek behels die volgende:

- om vas te stel of die blanke ouer van die primêre skool sy kind as skepping van God en as individu aanvaar;
- om te bepaal of die blanke ouer van die primêre skool homself genoegsaam beskikbaar stel vir sy kind se opvoedende onderwys;
- om vas te stel in hoe 'n mate bogenoemde ouer toegerus is vir die skepping van 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer vir sy kind op mikro-onderwysvlak;
- om empiries te kontroleer of die ouer as kultuurdraer vir sy kind optree, en
- om aan te toon watter riglyne deur die empiriese ondersoek blootgelê is vir effektiewer ouerdeelname in opvoedende onderwys op mikro-onderwysvlak.

## 6.3 NAVORSINGSONTWERP

### 6.3.1 Meetinstrument

#### 6.3.1.1 Keuse van ondersoekmiddel

Ten einde die doelwitte van hierdie navorsing te bereik, was dit nodig om 'n betroubare meetinstrument te gebruik. Die bruikbaarste en prakties uitvoerbaarste ondersoekmetode wat aan geldigheids- en betroubaarheidsvereistes sou voldoen en waarmee inligting bekom kon word, moes geïmplementeer word. Daar is oorweging geskenk aan:

- Persoonlike onderhoudvoering met blanke ouers van kinders in primêre skole in Transvaal.

- Vraelyste aan die ouers van blanke kinders in primêre skole in Transvaal.

Daar word kortliks gelet op die voor- en nadele van gemelde metodes; daarna volg 'n beskrywing van die gekose metode.

##### 6.3.1.1.1 Persoonlike onderhoude as navorsingsmetode

Persoonlike onderhoude is 'n beplande gesprek wat gevoer word met die doel om sekere inligting in te win. Die navorsingsmetode word aangewend om waardevolle en betroubare inligting in te samel deur 'n beplande reeks vrae aan respondente te rig (Mouly, 1978:201).

##### 6.3.1.1.2 Voordele van persoonlike onderhoude

- Die persoonlike onderhoud bied aan die navorser die geleentheid om beter en meer volledige en geldige antwoorde te ontvang omdat die respondente beter gemotiveer kan word (Mouly, 1978:202).

- 'n Beter persentasie terugvoering ten opsigte van persoonlike onderhoude kan verwag word. Terugvoering van 90% word as normaal beskou (Hopkins, 1976:149).

- Die soepelheid van persoonlike onderhoude dra by tot groter duidelikheid. Vraestelling kan gewysig word om vaaghede of onsekerhede van die respondente uit die weg te ruim (Sax, 1979:322 en Landman, 1980:116).

- Volgens Lovell & Lawson (1970:114) kan die onderhoudvoerder inligting bekom van die respondent se houding wat andersins nie moontlik was nie.

- Respondente se motivering kan gedurende die persoonlike onderhoud verhoog word. Sodra die respondente onderhoude aanvaar as nie-bedreigend, is hulle meer openlik en reguit (Sax, 1979:233).

#### 6.3.1.1.3 Nadele van persoonlike onderhoude

- In vergelyking met ander ondersoekmetodes waar die onderhoudvoerder se teenwoordigheid nie vereis word nie, is die kostes en tyd wat gepaard gaan met persoonlike onderhoude baie hoog (Lovell & Lawson, 1970:122).

- As gevolg van die ekonomiese kostes in terme van geld en tyd word die navorser dikwels beperk tot 'n klein aantal respondente by persoonlike onderhoude (Borg, 1981:87 en Landman, 1980:116).

- Die gevaar bestaan dat die onderhoudvoerder die interpretasie van sy gevolgtrekking kompliseer deur sy persoonlike interpretasie daaraan te heg en sodoende die gegewens subjektief te beïnvloed (Mouly, 1978:203).

- 'n Verdere nadeel is dat dit moeilik is om die betroubaarheid en geldigheid van 'n persoonlike onderhoud te kan bepaal (De Wet *et al.*, 1981:163).

#### 6.3.1.1.4 Die vraelys as navorsingsmetode

'n Vraelys bestaan uit 'n aantal vrae wat, op versoek van die navorser, deur 'n aantal respondente op skriftelike of mondelinge wyse beantwoord word (Best & Kahn, 1986:166; De Wet *et al.*, 1981:163 en Landman 1988:78).

Die vraelys het ten doel om feitlike gegewens in te win oor 'n onderwerp of verwante onderwerpe ten einde meer lig te werp op 'n probleem wat ondersoek word (Best & Kahn, 1986:166; Landman, 1988:78 en Wiersma, 1969:274).

Volgens Mouly (1978:188-189) is vraelyste onderhewig aan die meeste kritiek, maar dit is nogtans die instrument wat die meeste gebruik word om opvoedkundige inligting te bekom.

#### 6.3.1.1.5 Voordele van vraelyste

- 'n Belangrike voordeel van die vraelysmetode is dat dit meer ekonomies is ten opsigte van geld en tyd. Uitgawes ten opsigte van persoonlike besoeke en opleiding word beperk (Sax, 1979:244).

- 'n Groter aantal respondente kan deur middel van vraelyste betrek word as deur persoonlike onderhoude, wat daartoe lei dat 'n meer geldige en verteenwoordigende steekproef verkry kan word (Mouly, 1978:189 en Sax, 1979:244).

- 'n Neiging tot hoër betroubaarheid is waarneembaar. Omdat die vraelyste meesal anoniem is, word eerliker en openliker antwoorde ontvang, aangesien die respondente hulself nie blootstel nie (Cohen & Manion, 1980:253 en Borg & Gall, 1979:300).

- Omdat elke respondent presies dieselfde vraelys ontvang as die ander, is die data meer vergelykbaar as dié wat deur persoonlike onderhoude verkry word (Sax, 1979:245).

#### 6.3.1.1.6 Nadele van vraelyste

- 'n Lae persentasie word soms terug ontvang wat gevolglik kan lei tot 'n minder verteenwoordigende steekproef (Cohen & Manion, 1980:253; Mouly, 1978:189 en Sax, 1979:245).

- Interpretasie van die vraelys kan problematies wees. Die gevaar kan verhoog word deur vrae wat dubbelsinnig of swak geformuleer is (Mouly, 1978:190).

- Die geldigheid van data wat deur die vraelyste verkry word, berus hoofsaaklik op die vermoë en gewilligheid van respondente om die verlangde inligting te voorsien (Mouly, 1978:190).

- Aangesien dit moeilik is om die motiveringspeil van die respondente vas te stel, is dit gevolglik ook moeilik om die geldigheid van hulle response te beoordeel (Sax, 1979:245).

Na deeglike oorweging van die voor- en nadele van beide ondersoekmetodes is besluit om gebruik te maak van die vraelys as navorsingsmetode. Faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie besluit was hoofsaaklik die volgende:

- Die hoeveelheid tyd en geld wat bestee moet word om persoonlike onderhoude \ voer met elke ouer van die ses en dertig primêre skole wat deelgeneem het aan die steekproef.

- Indien persoonlike onderhoude gevoer moes word, kon die bekendheid met die respondente lei tot meer subjektiewe navorsingsresultate.

**6.3.1.2 Samestelling van die vraelys**

Ten einde die doelwitte van hierdie navorsing (vergelyk paragraaf 6.2) te bereik was dit nodig om 'n betroubare meetinstrument te ontwikkel. Gegrond op die literatuurstudie is 'n vraelys opgestel. Die vrae is gebaseer op gegewens wat verkry is uit die navorsing van die historiese verloop van ouerbetrokkenheid. Van die gegewens wat in die vraelys vervat is, is verkry uit die volgende tydperke: die Griekse tydperk wat strek vanaf 776 v.C. tot 338 v.C. (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 3.2.6), die Romeinse tydperk wat vanaf 753 v.C tot 530 n.C strek (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 3.3.6), die Vroeë Christentydperk wat aanvang geneem het met die geboorte van Christus tot omstreeks 500 n.C. (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 3.4.6), die Middeleeue van 500 n.C. tot 1500 n.C. (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 3.5.6) en die Hervormingstydperk in die sestiende eeu (vergelyk Hoofstuk 3 paragraaf 3.6.6).

Die inligting verkry uit die navorsing van ouerbetrokkenheid in die Verenigde State van Amerika (vergelyk Hoofstuk 4 paragraaf 4.1) wat net soos Suid-Afrika uit 'n stamland, naamlik Engeland afkomstig is, is in aanmerking geneem met die samestelling van die vraelys. Die tendense wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sigbaar was ten opsigte van ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys op mikro-vlak is verder in ag geneem.

Die vraelys is so opgestel dat die vrae wat daarin voorkom, die doelstellings van hierdie navorsing (vergelyk Hoofstuk 1 paragraaf 2) in ag geneem het, naamlik die vier essensies ten opsigte van die opvoedende onderwys. Laasgenoemde sluit in: onvoorwaardelike aanvaarding (van die kind deur die ouer), beskikbaarheid van die ouer, die skep van 'n geborgenheidsruimte en die ouer as kultuurdraer. Met betrekking tot die maklike en vinnige voltooiing van die vraelys, is besluit om 'n groot aantal gestruktureerde veelkeusige items in te sluit ten einde die respondent se aandag op die bepaalde moontlikhede te sentreer. Daar is geantisipeer dat nie alle veelkeusige items voorsiening sou maak vir elke respondent se besondere keuse nie. Derhalwe is 'n item "ander" by die veelkeusige items ingesluit.

Alhoewel die voorspellingsgeldigheid van die vraelys nie bepaal kan word nie (Smit, 1983:147), kan daar tog aanspraak gemaak word op inhoudsgeldigheid, aangesien met die

ingesamelde data die betrokkenheid van die Blanke ouer in die primêre skool ten opsigte van sy kind se opvoedende onderwys in 'n groot mate bepaal is.

#### 6.3.1.3 Loodsvraelys

'n Loodsvraelys waarby die ouers van twee leerlinge uit elke standerd op 'n ewekansige bundelsteekproef getrek is, is by 'n Afrikaansmedium primêre skool getoets. Die skool wat betrek is by die loodsvraelys het nie deel gevorm van die populasie wat in die steekproef betrek is nie. Daar is veral gelet op die duidelikheid van die aanwysings en vrae wat beantwoord moes word, asook die tydsduur waarin die respondent die vraelys kon beantwoord. Tydens die loodsondersoek is geen probleme ondervind met die invul van die vraelys nie en die gemiddelde tydsduur om die vraelys te voltooi was ongeveer 15 minute.

#### 6.3.1.4 Finale vraelys

Met enkele wysigings, soos deur die Buro vir Onderwysnavorsing van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgestel, is die finale vraelys vasgestel en so gebruik (vergelyk Bylaag A).

#### 6.3.1.5 Administratiewe prosedure

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement se Buro vir Onderwysnavorsing verkry om die vraelys oor ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die blanke primêre skole van Transvaal te versprei (vergelyk bylaag B).

### 6.3.2 Populasie en steekproef

Die populasie van die ondersoek het bestaan uit ouers van Transvaalse Afrikaansmedium primêre skole. Uit hierdie populasie skole (n = 485) wat deur middel van 'n ewekansige bundelsteekproef getrek is, is ses en dertig skole getrek wat aan die ondersoek deelgeneem het. Dit vorm 7,4% van die populasie.

Hierdie skole is proporsioneel volgens strata PI, PII, PIII en PIV-skole getrek. Om die populasie eweredig te versprei oor al die standerds van die primêre skole is die volgende indeling ook ewekansig gedoen:

Die vraelyste van die P I en P II-skole is gerig aan die ouers van kinders in 'n bepaalde standerd van 'n skool. Deur 'n ewekansige steekproef is daar gebruik gemaak van twee P I- asook twee P II-skole se ouers van kinders wat in 'n bepaalde standerd is om die

vraelyste te beantwoord. Die populasie van die P III en P IV-skole wat die vraelyste beantwoord het, was die ouers van al die leerlinge in 'n bepaalde skool. Getallegewys het die P III- en P IV-skole minder leerlinge in die hele skool as wat P I en P II- skole in een standerd het. Om die ouers van die skole proporsioneel te verdeel is op die voorgenome werkswyse besluit.

1775 vraelyste is aan 36 Afrikaansmedium primêre skole gestuur. 1712 vraelyste is terug ontvang, waarvan 281 nie ingevul was nie, sodat die statistiese ontledings berus op die antwoorde van 1431 vraelyste van die totale vraelyste wat uitgestuur is. 'n Responskoers van 80,6% is aangeteken ten opsigte van uitgestuurde vraelyste. Volgens Hopkins (1976:145) en Landman (1980:112) is 'n responskoers van minstens 70% nodig om 'n betroubare afleiding te maak. 63 vraelyste is nie terug ontvang nie.

### 6.3.3 Statistiese tegnieke

#### 6.3.3.1 S.A.S.-program

Gegewens wat uit die 1431 vraelyste verkry is, is deur die konsultasiediens van die P.U. vir CHO met behulp van 'n S.A.S.-rekenaarprogram (daar is hoofsaaklik gebruik gemaak van FREQ-prosedures) verwerk. Die S.A.S.-rekenaarprogram is gebruik vir sortering en ordening van data wat uit die vraelyste verkry is. Die Proc. Freq.-program is gebruik om frekwensies te bepaal en die Proc. Means-program om gemiddeldes vas te stel.

#### 6.3.3.2 Frekwensie-ontleding

'n Frekwensie-ontleding is gedoen om vas te stel hoe die respondente op die verskillende items van die vraelys gereageer het. Tweerigting-frekwensie-ontleding is gebruik om te bepaal of daar 'n verband is tussen biografiese besonderhede en die bepaalde essensies ten opsigte van ouerbetrokkenheid.

## 6.4 INTERPRETASIE VAN DATA

### 6.4.1 Inleiding

Afleidings wat gemaak is uit hierdie vraelys geld slegs vir ouers van Afrikaansmedium T.O.D.-primêre skole wat in die steekproef betrek is en nie vir alle ouers in die R.S.A. nie.

Die vraelysresponse met betrekking tot die volgende sake word chronologies aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer: die biografiese besonderhede (Afdeling A), die aanvaarding van die kind (Afdeling B), die ouer se beskikbaarheid vir die kind se opvoedende onderwys (Afdeling C), die skep van 'n geborgenheidsruimte vir die kind (Afdeling D) en die ouer as kultuurdraer (Afdeling E).

### 6.4.2 Biografiese besonderhede

#### 6.4.2.1 Afdeling A

Die doel met die vrae in Afdeling A was om biografiese besonderhede in te win van die respondente (vergelyk tabel 1).

In tabel 1 word die biografiese besonderhede van die respondente in 'n tabelvorm weergegee. Elke vraag is getabuleer volgens die keuses van die respondente. Die keuses wat die respondente uitgeoefen het, word volgens 'n persentasie uitgedruk om 'n duideliker beeld en onderskeid moontlik te maak tussen die verskillende keuses.

#### 6.4.2.2 Tabel 1

| VRAAGNOMMER | VRAAG | | |
|---|---|---|---|
| A1 | Deur wie word hierdie vraelys beantwoord? | | PERSENTASIE |
| a | Vader | | 8,0 |
| b | Moeder | | 33,5 |
| c | Gesamentlik | | 50,7 |
| d | Enkelouer: Vader | | 1,9 |
| | Moeder | | 4,4 |
| e | Grootouers | | 1,1 |
| f | Ander | | 0,4 |
| A2 + A3 | Gaan u kind uit die huis of koshuis uit skool? | | |
| | | A2 AANTAL | A3 PERSENTASIE |
| | Huis | 1371 | 95,8 |
| | Koshuis | 60 | 4,2 |
| | Totaal | 1431 | 100,0 |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | | |
|---|---|---|---|
| A4 + A5 | Wat is u ouderdom tans? | | |
| | | A4 VADER | A5 MOEDER |
| a | Jonger as 25 jr | 0,3% | 0,6% |
| b | Tussen 25 - 29 jr | 4,0% | 13,2% |
| c | Tussen 30 - 35 jr | 32,9% | 39,4% |
| d | Ouer as 35 jr | 62,8% | 46,8% |
| A6 + A7 | In watter van die volgende beroepsgroepe val u? | | |
| | | A6 VADER | A7 MOEDER |
| a | Professioneel | 27,7% | 18,8% |
| b | Administratiewe werk | 10,8% | 25,5% |
| c | Ambag | 27,9% | 0,6% |
| d | Bemarking | 6,4% | 3,1% |
| e | Huisvrou | – | 44,5% |
| f | Ander | 27,3% | 7,5% |
| A8 + A9 | Wat is die hoogste standerd wat u op skool geslaag het? | | |
| | | A8 VADER | A9 MOEDER |
| a | Standerd 6 | 2,4% | 1,9% |
| b | Standerd 7 | 2,7% | 2,7% |
| c | Standerd 8 | 25,0% | 26,5% |
| d | Standerd 9 | 6,4% | 5,7% |
| e | Standerd 10 | 63,5% | 63,2% |
| A10 + A11 | Wat is die hoogste kwalifikasie waaroor u beskik? | | |
| | | A10 VADER | A11 MOEDER |
| a | Universiteitsgraad | 18,7% | 11,3% |
| b | Diploma | 25,1% | 25,9% |
| c | Geen naskoolse opleiding | 39,8% | 55,4% |
| d | Ander | 16,4% | 7,4% |

| VRAAGNOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| A12 | Wat is die getal kinders in u gesin? | | | |
| | | A12 GESIN | 12.1 PRIMÊRE SKOOL | 12.2 SEKONDÊRE SKOOL |
| | Een kind | 6,6% | 44,4% | 46,3% |
| | Twee kinders | 34,3% | 43,5% | 18,3% |
| | Drie kinders | 37,6% | 9,4% | 1,9% |
| | Vier kinders | 15,1% | 2,5% | 0,3% |
| | Vyf kinders | 4,4% | 0,2% | 0,1% |
| | Ses kinders | 1,6% | – | – |
| | Sewe kinders | 0,5% | – | – |
| | Agt kinders | 0,2% | – | – |
| | Nege kinders | 0,1% | – | – |

#### 6.4.2.3 Data-ontleding

Uit tabel 1 blyk die volgende:

- ☐ **Vraag A1**

Volgens die respondente in die steekproef blyk dit dat 92,2% volledige huisgesinne; 8,0% vaders, 33,5% moeders en 50,7% gesamentlik die vraelyste voltooi het. Daarteenoor het 6,3% enkelouers; 1,9% vaders en 4,4% moeders die steekproef verteenwoordig. Grootouers (1,1%) en ander voogde (0,4%) is slegs 1,5% verteenwoordigend van die steekproef.

Die oorweldigende aantal volledige huisgesinne wat in die steekproef verteenwoordig word, is 'n aanduiding dat die meerderheid kinders in normale omstandighede die geleentheid kry om in 'n geskikte opvoedingsomgewing groot te word.

Minder as 10% kinders wat in onvolledige huisgesinne grootword het dus nie dieselfde gunstige opvoedingsmilieu as die voorgenoemde groep nie.

aantal moeders wat administratiewe en professionele werk verrig, bied 'n gunstige opvoedingsmilieu vir hulle kinders.

### □ Vraag A8 en A9

Die meerderheid vaders (63,5%) en moeders (63,2%) het standerd 10 op skool geslaag, terwyl 'n beduidende aantal vaders (30,1%) en moeders (31,1%) standerd 8 en laer standerds geslaag het.

Die gegewens dui daarop dat die meerderheid ouers redelik goeie skoolopleiding ontvang het, wat 'n gunstige opvoedingsmilieu vir die kinders moontlik maak.

### □ Vraag A10 en A11

Volgens die respondente het 39,8% vaders en 55,4% moeders geen naskoolse akademiese opleiding ontvang nie. Die data toon dus aan dat meer as 60% vaders en ongeveer 44% moeders naskoolse akademiese opleiding ontvang het. Deur beter akademiese kwalifikasies in 'n Westers-georiënteerde wêreld word die moontlikhede ook groter dat die ouers aan hulle kinders 'n beter opvoedingsmilieu kan bied.

### □ Vraag A12

Die aantal kinders wat in die huisgesinne voorkom wissel van een kind tot selfs nege kinders. Die meerderheid gesinne het drie kinders (37,6%), terwyl 'n beduidende aantal gesinne (34,2%) twee kinders het. Hieruit kan dus afgelei word dat die meerderheid gesinne met relatief min kinders groter geleentheid het om 'n geskikte opvoedingsmilieu aan hulle kinders te bied.

Die groter meerderheid respondente het een (44,2%) en twee (43,5%) kinders in die primêre skool terwyl 46,3% en 18,7% van die respondente ook een en twee kinders in die sekondêre skool het.

### 6.4.2.4 Evaluering

In hierdie navorsing is met 'n meerderheid volledige huisgesinne gewerk. Enkelouers (6,3%) en ander voogde (1,5%) vorm 'n geringe deel van die navorsingsgroep. Daar kan daarom aanvaar word dat 92,2% van die ouers wat geresrespondeer het, en deel vorm van volledige gesinne, se antwoorde verder vir interpretasie geldig is (vergelyk vraag A1).

Dit blyk uit die data dat 95,8% kinders uit die huis skoolgaan teenoor slegs 4,2% kinders wat kosgangers is. Indien geen ander faktore in ag geneem word nie, dui die voorafgaande daarop dat die oorgrote meerderheid ouers die geleentheid het om betrokke te wees by hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk vrae A2 en A3).

Uit die biografiese besonderhede blyk dit ook dat die tipiese ouer waarmee in hierdie navorsing gewerk word ouer is as 35 jaar. In normale lewensomstandighede bied die feit dat die meeste ouers ouer is as 35 jaar gunstige opvoedingsgeleenthede aan die kinders aangesien hulle ouers oor groter lewenservaring beskik waaruit die kinders kan put (vergelyk vrae A4 en A5).

'n Groot persentasie vaders beklee goeie en gemiddelde beroepsposisies wat die basis skep vir 'n goeie opvoedingsmilieu vir hulle kinders. Die feit dat die meerderheid moeders se beroepe die van huisvrouens (44,5%) verteenwoordig, kan 'n bydraende faktor wees tot groter ouerbetrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys. Die moontlikheid bestaan dus dat die meerderheid moeders tot die beskikking van hulle kinders kan wees as die kinders tuiskom (vergelyk vrae A6 en A7).

Wat die ouers se skoolopleiding betref, het die meerderheid van hulle standerd 10 geslaag en 'n groot persentasie het standerd 8 geslaag. Die ouers het dus redelike goeie skoolopleiding ontvang, wat die moontlikheid skep van 'n gesonde opvoedingsklimaat vir die kinders (vergelyk vrae A8 en A9).

Uit die navorsing kom dit ook duidelik na vore dat die meerderheid vaders verdere naskoolse akademiese opleiding ontvang het, terwyl net minder as 45% moeders naskoolse akademiese opleiding ontvang het. Die omstandighede bied aan die kinders groter geleenthede vir beter opvoedingsomstandighede (vergelyk vrae A10 en A11).

Die data toon aan dat die meerderheid gesinne drie of twee kinders het, wat daarop dui dat dié gesinne oor die moontlikhede beskik dat hulle kinders in gunstige omstandighede kan grootword. Verder kan die feit dat die meerderheid ouers slegs een of twee kinders op skool het bevestig dat hulle aan hulle kinders gunstige opvoedingsgeleenthede kan bied (vergelyk vraag A12).

### 6.4.3 Aanvaarding van die kind

#### 6.4.3.1 Afdeling B

Die doel van hierdie afdeling is om te bepaal of ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar. Daar word vervolgens gekyk na die data van tabel 2 soos aangedui deur die respondente.

In tabel 2 word die respondente se keuses ten opsigte van die ouers se aanvaarding van die kind in tabelvorm volgens 'n persentasie uitgedruk. Met die data wat verkry is uit die tabel word daar gepoog om vas te stel of die gesinsaktiwiteite van sodanige aard is dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar te midde van die gewone gang van sake in die gesinslewe. Verder wil die vrae vasstel of daar ten spyte van meningsverskille, berisping en straf onvoorwaardelike aanvaarding vir hulle kinders bestaan. Uit die data word ook vasgestel of die ouers hulle kinders na hulle aard ken en hulle as unieke mense aanvaar en daarvolgens probeer opvoed.

#### 6.4.3.2 Tabel 2

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | PERSEN-TASIE |
|---|---|---|
| B1 | Waarom meen u moet u kind op skool presteer? | |
| a | Omdat my posisie in die gemeenskap dit vereis | 0,4 |
| b | Omdat my kind slim is | 1,3 |
| c | Omdat my kind voorberei word vir die toekoms | 97,0 |
| d | Omdat ek as ouer dit verwag | 1,3 |
| B2 | Hoe belangrik is dit vir u dat u kind op skool presteer? | |
| a | Ek beskou dit nie as belangrik nie | 3,9 |
| b | Ek beskou dit as redelik belangrik | 37,6 |
| c | Ek beskou dit as uiters belangrik | 58,5 |
| B3 | Wat is u mening oor die rol wat u as ouer in u kind se opvoedende onderwys moet speel? | |
| a | Ek wil ten volle betrokke wees indien moontlik | 78,5 |
| b | Ek wil net gedeeltelik betrokke wees | 20,2 |
| c | Ek wil glad nie betrokke wees nie, omdat dit die skool se plig is | 1,3 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| B4 + B5 | Op watter wyse word u kind gestraf na oortredings tuis? | | | |
| | | | **B4 MINDER ERNSTIGE OORTRE-DINGS** | **B5 ERNSTIGE OORTRE-DINGS** |
| a | Die kind word tereggewys | | 36,9 | 13,5 |
| b | Word met die kind gesprek gevoer | | 50,7 | 25,2 |
| c | Lyfstraf word as die beste beskou | | 1,3 | 39,7 |
| d | Ontneming van voorregte | | 9,5 | 17,9 |
| d | Ander | | 1,6 | 3,7 |
| B6 | Beantwoord asseblief die onderstaande stellings | | | |
| | | **TEN VOLLE** | **GEDEEL-TELIK** | **GLAD NIE** |
| 6.1 | Ek is bewus daarvan dat my kind besondere talente besit | 55,1 | 41,5 | 3,5 |
| 6.2 | Ek is bewus van my kind se ideale | 52,2 | 43,5 | 4,3 |
| 6.3 | Ek is bewus van my kind se diepste behoeftes (hunkering en nood) | 56,7 | 41,4 | 1,9 |
| 6.4 | Ek kan onderskei tussen traagheid (luiheid) en onvermoë van my kind | 79,2 | 19,6 | 1,2 |
| B7 | Kinders behoort toegelaat te word om van hul ouers te verskil as hulle voel dat hulle eie idees beter is | | | **PERSEN-TASIE** |
| a | Stem heelhartig saam | | | 56,6 |
| b | Stem gedeeltelik saam | | | 39,7 |
| c | Stem glad nie saam nie | | | 3,7 |
| B8 | Kinders se mening behoort in aanmerking geneem te word by gesinsbesluite | | | **PERSEN-TASIE** |
| a | Stem heelhartig saam | | | 63,6 |
| b | Stem gedeeltelik saam | | | 33,5 |
| c | Stem glad nie saam nie | | | 2,9 |

#### 6.4.3.3 Data-ontleding

- □ **Vraag B1**

Die mening van 97,0% respondente is dat hulle kinders op skool moet presteer ter voorbereiding van hulle kinders se toekoms. Die menings wat die respondente die laagste ten opsigte van belangrikheid aangedui het, is dat hulle kinders moet presteer omdat die ouers se posisie in die gemeenskap dit van hulle vereis. Die feit dat die respondente hulle posisie in die gemeenskap as die minder belangrike aangedui het, dui moontlik daarop dat die ouers nie so gesteld is op hulle status nie, maar meer ingestel is daarop dat hulle kinders moet presteer ter voorbereiding vir hulle toekoms. Daarvolgens kan afgelei word dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar sodat hul kinders tot die besef van hulle eie uniekheid kan kom.

- □ **Vraag B2**

Die data wat verkry is dui daarop dat die meerderheid ouers (58,5%) dit as uiters belangrik beskou dat hulle kinders op skool moet presteer. Hierdie inligting laat die vraag ontstaan of die ouers prestasie as 'n te belangrike vereiste vir opvoedende onderwys stel. Dit kan moontlik beteken dat die ouers hulle kinders nie sonder meer onvoorwaardelik aanvaar nie en moontlik onbillike eise aan hulle kinders stel.

'n Groot aantal ouers (37,6%) beskou dit as redelik belangrik dat hulle kinders op skool moet presteer. Dit kan 'n aanduiding wees dat daar 'n balans gehandhaaf word in die ouerhuis en dat die ouers hulle kinders aanvaar volgens die kinders se eie aard. Daar is 3,9% ouers wat dit nie as belangrik beskou dat hulle kinders op skool moet presteer nie, wat moontlik 'n aanduiding kan wees dat hierdie klein groepie ouers hulle kinders nie sonder meer aanvaar nie en moontlik ook nie betrokke is by hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

- □ **Vraag B3**

Oor die rol wat die ouers in hulle kinders se opvoedende onderwys moet speel is 78,5% ouers van mening dat hulle ten volle betrokke wil wees indien moontlik. Die mening van hierdie meerderheid ouers dui moontlik daarop dat hulle hul kinders onvoorwaardelik aanvaar. Van die respondente het 20,2% aangedui dat hulle net gedeeltelik betrokke wil wees. Dus kan hieruit afgelei word dat hierdie ouers moontlik nie hulle kinders onvoor-

waardelik aanvaar nie, omdat hulle dit as die plig van die skool beskou om 'n rol in die opvoedende onderwys van hulle kinders te speel.

## □ Vraag B4

Die respons op die wyses waarop ouers hulle kinders straf na minder ernstige oortredings tuis, dui daarop dat die meerderheid ouers (50,7%) in gesprek tree met hulle kinders. Die feit dat die meerderheid ouers verkies om met hulle kinders 'n gesprek te voer is waarskynlik 'n aanduiding dat dié ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar. Hierdie gesagsverhouding tussen ouers en kinders dui ook daarop dat daar 'n wedersydse vertrouensverhouding bestaan. 'n Beduidende aantal ouers (36,9%) wys hulle kinders tereg na minder ernstige oortredings tuis, wat 'n moontlike aanduiding kan wees dat die ouers hulle in liefde teregwys en dat die ouers hulle kinders waarskynlik onvoorwaardelik aanvaar. Die ontneming van voorregte neem 'n derde plek in terwyl lyfstraf die laaste uitweg is vir die ouers om hulle kinders mee te straf na minder ernstige oortredings. Uit laasgenoemde kan afgelei word dat slegs 'n klein groepie ouers minder gesteld is op onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders en hulle dan op die wyse straf.

## □ Vraag B5

Uit die data blyk dit dat lyfstraf as die mees geskikte straf na ernstige oortredings tuis beskou word. Die vraag kan gevra word of die 39,7% ouers wat lyfstraf as die mees geskikte straf na ernstige oortredings toepas tuis nie dalk 'n outoritêre gesagshouding openbaar nie. As dit die geval is, kan beweer word dat hierdie groep ouers nie hulle kinders sonder meer onvoorwaardelik aanvaar nie, omdat hulle moontlik met 'n gesagidee beheb is. Gesprekvoering word ook deur 25,2% respondente as 'n baie belangrike wyse beskou ten opsigte van ernstige oortredings tuis, terwyl teregwysing (13,5%) en ontneming van voorregte (17,9%) ook redelik belangrik beskou word deur die respondente. Die data bevestig die gegewens van die vorige paragraaf, waar die meerderheid ouers voorstaanders is daarvan om in gesprek te tree met hulle kinders en hulle ook tereg te wys by minder ernstige oortredings. Deur konsekwent op hierdie wyse te straf kan die afleiding gemaak word dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar en daarvolgens straf.

## □ Vraag B6.1

Van die respondente is daar 55,1% wat beweer dat hulle ten volle bewus is daarvan dat hulle kinders besondere talente besit. 'n Beduidende aantal respondente (41,5%) het aangetoon dat hulle slegs gedeeltelik bewus is van die besondere talente wat hulle kinders

besit en 3,5% het aangetoon dat hulle glad nie bewus daarvan is dat hulle kinders besondere talente besit nie. Die feit dat die meerderheid ouers aangedui het dat hulle ten volle of gedeeltelik bewus is van hulle kinders se talente, regverdig moontlik die gevolgtrekking dat daar 'n kenverhouding bestaan tussen die ouer as opvoeder en die kind as opvoedeling, wat op sy beurt weer daarop dui dat daar na alle waarskynlikheid wedersydse aanvaarding bestaan.

- **Vraag B6.2**

Die respondente wat ten volle bewus is van hulle kinders se ideale is volgens die data in die meerderheid (52,2%). Die aanduiding van 43,5% van die respondente dat hulle net gedeeltelik bewus is van hulle kinders se ideale kan moontlik daarop dui dat 'n groot groep ouers nie genoegsaam betrokke is by hulle kinders se opvoedende onderwys nie of dat die ouers nie hulle kinders ken nie en sodoende ook nie ten volle aanvaar nie.

- **Vraag B6.3**

Van die respondente toon 56,7% aan dat hulle ten volle bewus is van die diepste behoeftes van hulle kinders, insluitend hunkering en nood. Die 43,3% respondente wat aangedui het dat hulle slegs gedeeltelik of glad nie bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes nie, dui moontlik daarop dat dié ouers nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar nie.

- **Vraag B6.4**

Die respondente kon 'n duidelike onderskeid tref tussen "traagheid" en die "onvermoë" van hulle kinders. Die 79,2% respondente wat aangetoon het dat hulle ten volle kan onderskei tussen "traagheid" en "onvermoë" teenoor die 19,6% respondente wat net gedeeltelik kon onderskei, kan daaraan toegeskryf word dat die meerderheid ouers bewus is van hulle kinders se vermoëns. Dit regverdig moontlik die gevolgtrekking dat die ouers hulle kinders ken en na alle waarskynlikheid onvoorwaardelik aanvaar.

- **Vraag B7**

Die meerderheid van die respondente (56,6%) stem heelhartig saam dat kinders toegelaat moet word om van hulle ouers te verskil as hulle voel dat hulle eie idees beter is. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ouers die menings van hulle kinders as betekenisvol beskou, wat daarop dui dat hulle die menswaardigheid van hulle kinders aanvaar. Die feit dat 43,4% van die respondente aandui dat hulle net gedeeltelik of glad nie saamstem nie

dat hulle kinders van hulle mag verskil as hulle kinders voel dat hulle idees beter is, dui sterk daarop dat daar oorwegend 'n outokratiese gesagstyl in dié gesinne heers. Dit kan 'n aanduiding wees van 'n groot persentasie ouers wat nie hulle kinders sonder meer aanvaar nie.

### ☐ Vraag B8

Slegs 2,9% respondente stem glad nie saam dat kinders se mening in aanmerking geneem behoort te word by gesinsbesluite nie. Die onbeduidende aantal ouers neem 'n outoritêre houding in wat daarop dui dat hulle nie hulle kinders sonder meer aanvaar nie. Die 63,6% en 33,5% respondente wat gedeeltelik en heelhartig saamstem dat kinders se mening in aanmerking geneem behoort te word by gesinsbesluit laat die vermoede ontstaan dat die meerderheid ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar.

### 6.4.3.4 Evaluering

'n Oorweldigende aantal ouers (97,0%) het aangedui dat hulle kinders op skool moet presteer ter voorbereiding van hulle toekoms. Ander redes wat aangevoer word vir prestasie is waarskynlik minder belangrik vir die ouers. Dit dui dus daarop dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (vergelyk vraag B1).

Die meerderheid ouers beskou dit as uiters belangrik dat hulle kinders op skool moet presteer. 'n Beduidende groep ouers beskou dit as redelik belangrik dat hulle kinders op skool moet presteer. Indien die eersgenoemde ouers se bona fides nie in twyfel getrek word nie, kan na alle waarskynlikheid aanvaar word dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar deur hulle by te staan ter voorbereiding van hulle toekoms (vergelyk vraag B2).

Die groot aantal ouers (78,5%) wat aangedui het dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, dui daarop dat die ouers hulle verantwoordelikhede wil aanvaar om sodoende hulle kinders in liefde te begelei tot beskawingsvolwassenheid (vergelyk vraag B3).

Ouers tree eerder met hulle kinders in gesprek na minder ernstige oortredings tuis. Selfs 'n beduidende aantal ouers wys hulle kinders tereg na minder ernstige oortredings. Die ouers leef waarskynlik die boodskap van Efesiërs 6:4 uit in die uitvoering van tug aan hulle kinders: "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil" (vergelyk vraag B4).

In teenstelling met voorafgaande word lyfstraf as die mees geskikte tugmaatreël beskou na ernstige oortredings tuis. Die vraag kom na vore of die ouers konsekwent is in hulle optrede ten opsigte van tug. Watter maatstawwe word gebruik om in ernstiger oortredings lyfstraf toe te dien? Ook kan gevra word of dié ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar? (Vergelyk vraag B5)

'n Oorweldigende aantal ouers het aangetoon dat hulle ten volle of gedeeltelik bewus is van hulle kinders se talente. Die meerderheid ouers is ook ten volle bewus van hulle kinders se ideale, wat waarskynlik 'n aanduiding is dat die ouers hulle kinders ken en hulle kinders as unieke skepsels van God aanvaar (vergelyk vrae B6.1 en B6.2).

Ook die diepste hunkering en nood van die kinders is vir die meerderheid ouers nie onbekend nie. Meer as die helfte van die ouers is ten volle bewus van hulle kinders se diepste behoeftes (vergelyk vraag B6.3).

Om voorafgaande verder te bevestig dui 79,2% ouers aan dat hulle 'n duidelike onderskeid kan tref tussen "luiheid en onvermoë" van hulle kinders. Daar kan met redelikheid aanvaar word dat die meerderheid ouers hulle kinders ken en dus onvoorwaardelik aanvaar (vergelyk vraag B6.4).

Meer as die helfte van die ouers stem saam dat hulle kinders toegelaat moet word om van hulle ouers te verskil as hulle voel eie idees is beter. Die aanduidings dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar is nie meer so oortuigend as die 43,4% ouers in ag geneem word wat nie daarmee saamstem nie (vergelyk vraag B7). Dit laat die vraag ontstaan of die kinders by laasgenoemde groep ouers onvoorwaadelik aanvaar word?

Die vraag in die vorige paragraaf word in 'n sekere mate beantwoord as die volgende response in ag geneem word. Meer as 97% ouers stem gedeeltelik en heelhartig saam dat hulle kinders se menings in ag geneem behoort te word by gesinsbesluite. Dié groot persentasie ouers verteenwoordig na alle waarskynlikheid die groep ouers wat hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (vergelyk vraag B8).

Samevattend kan die aanname gemaak word dat die meerderheid ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar en in liefde onderskraag.

### 6.4.4 Beskikbaarheid van die ouer

#### 6.4.4.1 Afdeling C

Die doel van hierdie afdeling is om te bepaal in watter mate die ouers beskikbaar is vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Om die respondente se beskikbaarheid te kan bepaal en enige interpretasie daaraan te heg word hierdie data volgens 'n persentasiepunt uitgedruk.

In tabel 3 word data wat ingewin is in tabelvorm weergegee om sodoende 'n verkorte weergawe te verskaf van die ouers se response in verband met hulle beskikbaarheid vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

#### 6.4.4.2 Tabel 3

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | |
|---|---|---|---|
| C1 | Watter rol speel u as ouer wanneer u kind huiswerk doen? | | PERSEN-TASIE |
| a | Ek sien toe dat my kind sy huiswerk doen | | 90,4 |
| b | Ek beskou huiswerk as my kind se eie verantwoordelikheid, daarom is ek nie betrokke nie | | 8,4 |
| c | Ek is geneig om huiswerk vir my kind te doen | | 0,6 |
| d | Ek beskou die onderwyser as die verantwoordelike persoon wat my kind se huiswerk betref | | 0,6 |
| C2 + C3 | Hoeveel tyd per dag bestee u aan u kind as u kind huiswerk doen? | | |
| | | C2 VADER | C3 MOEDER |
| a | Een uur | 35,6 | 50,0 |
| b | Twee ure | 6,2 | 17,3 |
| c | Meer as twee ure | 3,5 | 11,1 |
| d | Geen tyd | 32,1 | 5,5 |
| e | Ander | 22,6 | 16,0 |
| C4 | Hoe dikwels woon u oueraande (i.v.m. skoolwerk) by? | | |
| a | Baie gereeld | | 56,7 |
| b | Gereeld | | 26,3 |
| c | Af en toe | | 14,5 |
| d | Nooit | | 2,5 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| C5 | Wat is u mening ten opsigte van ouerinspraak (medeseggenskap) by die skool? | | | |
| a | Dit is slegs die Bestuursraad se plig | | | 4,6 |
| b | Dit is slegs die ouervereniging (bv. TAO) se plig | | | 7,8 |
| c | Dit is elke individuele ouer se plig | | | 83,2 |
| d | Geen ouer behoort inspraak te hê nie | | | 2,9 |
| e | Ander | | | 1,5 |
| C6 | Wat is u houding ten opsigte van finansiële bydraes vir die skool? | | | |
| a | Dat slegs skoolfonds gehef moet word | | | 29,7 |
| b | Dat geen skoolfonds gehef moet word nie | | | 3,1 |
| c | Dat skoolfonds sowel as fondsinsamelingsprojekte geloods moet word | | | 62,6 |
| d | Dat slegs fondsinsamelingsprojekte geloods moet word | | | 4,6 |
| C7 | Indien slegs fondsinsamelingsprojekte geloods moet word, wie meen u moet dit organiseer en uitvoer? | | | |
| a | Alleenlik die skool | | | 8,1 |
| b | Allenlik die ouers | | | 1,6 |
| c | Die skool en ouers gesamentlik | | | 89,3 |
| d | Ander | | | 1,0 |
| C8 | In wie se sorg word u kinders na skool (smiddae) geplaas? | | | |
| a | Ouers se sorg | | | 67,1 |
| b | Naskoolsentrum se sorg | | | 8,9 |
| c | Huishulp se sorg | | | 10,1 |
| d | Kinders bly alleen by die huis | | | 6,3 |
| e | Ander | | | 7,6 |
| C9 | Dui aan in watter hoedanigheid u betrokke is by die volgende skoolaktiwiteite | | | |
| | | AFRIG | WERK | GEEN |
| 9.1 | Sport | 6,3 | 31,5 | 62,2 |
| 9.2 | Kultuur | 3,9 | 14,6 | 81,5 |
| 9.3 | Skoolfunksies | 2,7 | 52,1 | 45,2 |
| 9.4 | Ander | 3,0 | 17,2 | 79,8 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| C10 | Dui aan hoe betrokke u is by die bywoning van die volgende skoolaktiwiteite | | | |
| | | GEREELD | SELDE | NOOIT |
| 10.1 | Sport | 62,7 | 26,5 | 10,8 |
| 10.2 | Kultuur | 23,7 | 22,4 | 53,9 |
| 10.3 | Skoolfunksies | 62,8 | 26,9 | 10,3 |
| 10.4 | Ander | 19,1 | 15,2 | 65,7 |
| C11 | Dink u u betrokkenheid by bogenoemde aktiwiteite is genoegsaam? | | | |
| a | Ja | | | 63,8 |
| b | Nee | | | 36,2 |
| C12 | Indien u by vraag 11 nee geantwoord het, dui die belangrikste rede aan waarom u nie genoeg betrokke kan wees nie | | | |
| a | Gebrek aan kommunikasie vanaf die skool | | | 3,1 |
| b | Stel nie daarin belang nie | | | 3,5 |
| c | Werksomstandighede laat dit nie toe nie | | | 69,3 |
| d | Finansiële omstandighede | | | 6,9 |
| e | Afstand (bly te ver vanaf skool) | | | 5,4 |
| d | Slegs geselekteerde groep ouers word betrek | | | 6,8 |
| e | Ander | | | 5,0 |

### 6.4.4.3 Data-ontleding

- **Vraag C1**

Volgens die respodente se mening sien 90,4% ouers toe dat hulle kinders hul huiswerk doen. Die rol wat die oorweldigende aantal ouers speel, waarin hulle toesien dat hulle kinders se huiswerk gedoen word, is 'n aanduiding dat die ouers hulself beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

Die 8,4% respondente wat aangedui het dat huiswerk die verantwoordelikheid van die kind is en dat hulle daarom nie betrokke is nie, kan 'n aanduiding wees dat dié ouers nie beskikbaar is vir hierdie faset van hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

'n Onbeduidende aantal (0,6%) respondente het aangedui dat hulle geneig is om hulle kinders se huiswerk te doen. Die klein hoeveelheid ouers val in dié groep ouers wat hulself negatief beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Dieselfde persentasie (0,6%) respondente beskou huiswerk as die verantwoordelikheid van die onderwyser. Die siening van laasgenoemde ouers dui daarop dat die ouers nie vir hierdie faset van hulle kinders se opvoedende onderwys beskikbaar is nie.

### □ Vraag C2 en C3

Uit die data wat verkry is blyk dit dat die moeders meer tyd per dag bestee aan hulle kinders se huiswerk as die vaders. Teenoor die 50,0% moeders is daar 35,6% vaders wat een uur aandag aan huiswerk bestee, terwyl 17,3% moeders teenoor 6,2% vaders twee ure per dag aandag skenk aan hulle kinders se huiswerk. Van die moeders bestee 11,1% meer as twee ure per dag aan hulle kinders se huiswerk teenoor die 3,5% vaders wat soveel aandag skenk.

In vergelyking met die 45,3% vaders, het 78,4% van die moeders aangedui dat hulle 'n uur of meer aandag skenk aan hulle kinders se huiswerk. Dit dui daarop dat die moeders meer beskikbaar is vir hulle kinders ten opsigte van hulpverlening met huiswerk as die vaders.

As die data ten opsigte van ouers wat geen tyd aan hulle kinders se huiswerk bestee nie in ag geneem word, bevestig dit die feit dat moeders meer beskikbaar is as die vaders tydens hulle kinders se huiswerk. Daar is 32,1% vaders wat nie tyd afstaan aan hulle kinders se huiswerk nie teenoor die 5,5% moeders wat nie daaraan tyd afstaan nie.

### □ Vraag C4

'n Oorweldigende aantal ouers woon baie gereeld (56,7%) of gereeld (26,3%) oueraande in verband met skoolwerk by. Dit dui daarop dat die meerderheid ouers (83,0%) hulself in bogenoemde verband beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die oorblywende 17,0% ouers wat af en toe (14,5%) of nooit (2,5%) oueraande bywoon nie, is nie so geredelik beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie. Daar is dus 'n beduidende persentasie ouers wat in bogenoemde verband òf neutraal staan òf onbetrokke is by die opvoedende onderwys van hulle kinders en dus nie beskikbaar is nie.

☐ **Vraag C5**

Van die respondente meen 83,2% dat die individuele ouer beskikbaar moet wees ten opsigte van ouerinspraak (medeseggenskap) by die skool. Die aanname kan dus gemaak word dat die oorgrote meerderheid ouers hulself in bogenoemde verband beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys op mikro-vlak. Die mening dat ouers deur middel van ouerverenigings soos die TAO (7,8%) medeseggenskap moet verkry by die skool dui ook daarop dat dié ouers hulself beskikbaar stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

Van die respondente is 4,6% van mening dat dit slegs die bestuursraad se plig is om groter ouerinspraak by die skool te lewer. Die beskouing van die ouers dat die bestuursraad hulle verteenwoordig en daarom nie die nodigheid sien dat hulle hulself beskikbaar moet stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie, kan daartoe lei dat die ouers onbetrokke raak.

In aansluiting by die voorafgaande is gevind dat 2,9% ouers meen dat hulle nie behoort inspraak te hê by die skool nie. Dit is moontlik dat die ouers òf nie bewus is van hulle regte en pligte as ouers nie, òf neutraal staan by die opvoedende onderwys van hulle kinders en dus nie beskikbaar is nie. Dit is slegs hipoteses hierdie en kon nie met die betrokke navorsing vasgestel word nie.

☐ **Vraag C6**

Volgens die data huldig 62,6% ouers die mening dat finansiële bydraes verkry moet word deur skoolfonds sowel as ander fondsinsamelingsprojekte. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid ouers hulself finansieel beskikbaar wil stel om sodoende indirek betrokke te wees by hierdie faset van hulle kinders se opvoedende onderwys.

'n Beduidende aantal ouers (29,7%) meen dat slegs skoolfonds gehef moet word, wat 'n aanduiding kan wees dat die ouers besef dat hulle hulself finansieel beskikbaar moet stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Dit kan ook daarop dui dat die ouers minder betrokke wil wees deurdat hulle nie wil deelneem aan die fondsinsamelingsprojekte nie.

Die feit dat 'n onbeduidende aantal ouers van mening is dat geen skoolfondse gehef moet word nie(3,1%) en dat 4,6% ouers van mening is dat daar slegs fondsinsamelingsprojekte geloods moet word, kan moontlik toegeskryf word aan hulle ontduiking van opvoedingsverpligtinge teenoor hulle kinders.

### □ Vraag C7

Volgens die data wat verkry is, het 89,3% ouers aangedui dat die skool en ouers gesamentlik die fondsinsamelingsprojekte moet organiseer en uitvoer. Dit is duidelik dat die ouers die noodsaaklikheid van betrokkenheid in hierdie opsig as vennote by die skool besef en dat hulle hulself so beskikbaar stel vir hulle kinders se skole.

Daar is 8,1% ouers wat van mening is dat die skool alleen die fondsinsamelingsprojekte moet organiseer en uitvoer. Die afleiding wat gemaak kan word is dat die groep ouers van mening is dat dit slegs die skool se taak is om die fondsinsamelingsprojekte te organiseer en uit te voer en dat hulle hulself nie beskikbaar hoef te stel nie.

### □ Vraag C8

Die meerderheid ouers (67,1%) stel hulself beskikbaar om in die namiddae na hulle kinders om te sien. Dit is egter nie so positief as daarop gelet word dat 32,9% ouers nie smiddae beskikbaar is vir hulle kinders se versorging nie. Die groep ouers se kinders word in die sorg van naskoolsentrums, huishulpe, ander toesig of self alleen gelaat.

### □ Vraag C9

Ten opsigte van die hoedanigheid waarin die ouers betrokke is by die skoolaktiwiteite is gevind dat die ouers nie so geredelik beskikbaar is by die afrigting van sport (6,3%), kultuur (3,9%), skoolfunksies (2,7%) en ander aktiwiteite (3,0%) nie. Die onbetrokkenheid van die ouers kan nie net voor hulle deur gelê word nie, omdat daar nog skole is wat 'n "hands off" -houding openbaar ten opsigte van afrigting by die skole (Van Schalkwyk, 1983:19). Dit lei tot onsekerheid by die ouers oor hulle betrokkenheid by afrigting.

Volgens die respondente is daar 31,5% ouers wat hul beskikbaar stel om by die sport-byeenkomste te werk teenoor die 14,6% ouers wat werk by kultuuraktiwiteite. Dit blyk verder dat 52,1% ouers hulself beskikbaar stel om by skoolfunksies te werk terwyl 17,2% ouers beskikbaar is vir werk by ander skoolaktiwiteite. Afleidings wat gemaak kan word is dat 'n redelike aantal ouers geredelik beskikbaar is om te werk by skoolaktiwiteite. By kulturele en ander skoolfunksies is die ouers nie so geneë om hulself beskikbaar te stel nie en is onbetrokkenheid 'n kenmerk van die groep ouers.

Data wat verkry is van die ouers wat geen deel het aan die skoolaktiwiteite nie, skep 'n donker prentjie. Van die ouers wat betrokke moet wees by sport is daar 62,1% wat om

een of ander rede nie beskikbaar is nie, terwyl 81,5% ouers by kultuur, 45,2% by skoolfunksies en 79,8% ouers by ander skoolaktiwiteite geen deelname het nie. Die afleiding kan gemaak word dat die ouers nie wil betrokke raak by die skool se aktiwiteite nie en dus indirek ook nie by hulle kinders se opvoedende onderwysaktiwiteite nie.

### □ Vraag C10

Uit die data wat ingewin is kan afgelei word dat die ouers sport (62,7%) en skoolfunksies (62,8%) die beste bywoon terwyl kulturele aktiwiteite (23,7%) en ander skoolfunksies (19,1%) die swakste bygewoon word deur die ouers. Die beter bywoningsyfer vir sport en skoolfunksies kan moontlik toegeskryf word aan die groter aantal kinders wat daaraan deelneem.

Kulturele aktiwiteite en ander skoolfunksies word moontlik swakker bygewoon omdat die aantal kinders wat daaraan deelneem soveel minder is. Die ouers wat die skoolaktiwiteite gereeld bywoon bevestig die feit dat hulle hulself beskikbaar stel as hulle kinders aktief betrokke is by die skoolaktiwiteite.

Die data wat verkry is van die respondente van ouers wat selde of nooit die skoolaktiwiteite bywoon nie is onrusbarend gesien vanuit die oogpunt van opvoedende onderwys. Van die ouers het 37,3% selde of nooit sport bygewoon, 37,2% skoolfunksies, 76,3% kulturele aktiwiteite en 80,9% ander aktiwiteite. Hierdie aanduidings wys dus daarop dat 'n groot persentasie ouers nie geredelik beskikbaar is om die skoolaktiwiteite by te woon nie. Die vraag kan gevra word of die kinders se eie betrokkenheid by die aktiwiteite die betrokkenheid van die ouers bepaal.

### □ Vraag C11

Van die respondente huldig 63,8% die mening dat die ouers se betrokkenheid by die skoolaktiwiteite genoegsaam is, terwyl 36,2% ouers meen dat hulle nie genoegsaam betrokke is by die skoolaktiwiteite nie. Hierdie mening van die ouers is teenstrydig met vorige terugvoering, waar die meerderheid ouers in die vorige paragraaf (vergelyk vraag C10) aangedui het dat hulle selde of nooit skoolaktiwiteite bywoon nie. Die afleiding wat gemaak kan word is dat die ouers tevrede is met hulle onbetrokkenheid ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys of dat hulle nie eerlik was nie.

In paragraaf 6.4.4.4 word die redes van die 36,2% ouers wat aangedui het dat hulle van mening is dat hulle nie genoegsaam betrokke is by die skoolaktiwiteite nie, ontleed.

□ **Vraag C12**

Die werksomstandighede (69,3%) van die ouers word as die belangrikste rede aangevoer waarom die ouers nie genoegsaam betrokke kan wees by hulle kinders se opvoedende onderwys nie. 'n Moontlike afleiding is dat die ouers die ouderdomsfase betree het waarin hulle hulself moet bewys in hulle beroepe en dat hulle kinders se opvoedende onderwys dan 'n minder belangrike rol moet speel.

Die ander belangrikste redes waarom die ouers nie betrokke genoeg kan wees by hulle kinders se opvoedende onderwys nie, is gelykmatig versprei. Finansiële omstandighede (6,9%) en dat slegs 'n geselekteerde groep ouers by die skool betrek word (6,8%)as redes, weeg vir die ouers swaarder as die res waarom hulle nie betrokke genoeg kan wees nie. Die redes waaronder die gebrek aan kommunikasie vanaf die skool (3,1%), stel nie belang nie (3,5%), afstand (5,4%) en ander redes (5,0%) word nie deur die ouers as groot knelpunte gesien nie.

### 6.4.4.4 Evaluering

In die evaluering word die voorafgaande inligting ontleed om te bepaal of die ouers hulself beskikbaar stel vir al die fasette van hulle kinders se opvoedende onderwys.

'n Oorweldigende aantal ouers (90,4%) stel hulself beskikbaar om toe te sien dat hulle kinders hul huiswerk doen. Die aanduidings is dat die meerderheid moeders ook meer tyd per dag aan hulle kinders se huiswerk bestee as die vaders. Die meerderheid ouers bestee 'n uur per dag aan hulle kinders se huiswerk. Hoewel daar aanduidings is dat die moeders meer beskikbaar is vir dié faset van hulle kinders se opvoedende onderwys as die vaders, toon 'n redelike hoeveelheid vaders dat hulle beskikbaar is om behulpsaam te wees met hulle kinders se huiswerk (vergelyk paragraaf 6.4.4.3, vrae C1, C2 en C3).

Die 83,0% ouers wat oueraande baie gereeld en gereeld bywoon is 'n aanduiding dat die ouers bereid is om betrokke te raak by dié faset van hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk vraag C4).

Die ouers se mening ten opsigte van ouerinspraak dui daarop dat hulle die individuele ouers se plek in die opvoedende onderwys wil bevestig. Van die ouers is 83,2% ten gunste van ouerbeskikbaarheid ten opsigte van ouerinspraak by die skool. Selfs die mening dat ouerverenigings en bestuursrade (deur ouers verkose) deel moet vorm van medeseggenskap by die skool, bevestig dit dat ouers inspraak wil hê (vergelyk vraag C5).

Die data toon ook aan dat die ouers finansieel beskikbaar wil wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Meer as die helfte (62,6%) ouers is van mening dat finansiële bydraes verkry moet word deur skoolfonds sowel as ander fondsinsamelingsprojekte (vergelyk vraag C6).

Om voorafgaande te bevestig, het 89,3% ouers aangedui dat die skool en ouers gesamentlik die fondsinsamelingsprojekte moet organiseer en uitvoer. Die gegewens dui daarop dat die ouers ouerinspraak wil aanvaar en hulself finansieel beskikbaar wil stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. As vennote van die skool stel die ouers hulself beskikbaar om deel te hê aan die gesamentlike fondsinsamelingsprojekte wat kan bydra tot die verbetering van hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk vraag C7).

Die meerderheid ouers (67,1%) stel hulself beskikbaar om in die namiddae na hulle kinders om te sien. Die aanduiding dat 32,9% ouers nie in die middae beskikbaar is om na hulle kinders om te sien nie, dui daarop dat die groep ouers om een of ander rede wat nie in die navorsing vervat is nie, nie beskikbaar is om vir hulle kinders te sorg nie. Die ouers se kinders word in die sorg van naskoolsentrums, huishulpe, ander toesig en alleen gelaat, wat nadelig kan wees vir die kinders se opvoedende onderwys (vergelyk vraag C8).

Beskikbaarheid van die ouers by die afrigting van sport, kultuur, skoolfunksies en ander aktiwiteite dui 'n duidelike tendens van onbetrokkenheid aan. Die redes wat vir die onbetrokkenheid aangevoer kan word, kan in 'n soortgelyke navorsing ondersoek word. 'n Rede wat aangevoer kan word is moontlik die skool se houding dat alleenlik die onderwysers verantwoordelik moet wees vir die afrigting van die kinders. Slegs die bereidwilligheid van die ouers om te werk by skoolfunksies dui daarop dat die ouers in hierdie opsig betrokke is (vergelyk vraag C9).

Van die ouers wat betrokke kan wees by sport is 62,1% nie beskikbaar nie, terwyl 81,5% ouers by kultuur, 45,2% by skoolfunksies en 79,8% by ander aktiwiteite ook nie beskikbaar is nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die ouers moontlik neutraal staan teenoor die voorafgenoemde skoolaktiwiteite en daarom nie betrokke raak daarby nie (vergelyk vraag C9).

Die ouers is meer geredelik beskikbaar ten opsigte van die bywoning van sport (62,7%) en skoolfunksies (62,8%), terwyl hulle kulturele aktiwiteite (23,7%) en ander skoolfunksies (19,1%) in 'n mindere mate bywoon. Die meerderheid ouers stel hulself beskikbaar ten opsigte van die bywoning van sport en skoolfunksies, maar 'n onbetrokkenheid is sigbaar ten opsigte van kulturele aktiwiteite en ander skoolfunksies. Dit stem ooreen met die algemene neiging van die Suid-Afrikaanse publiek om veral sport te ondersteun (vergelyk vraag C10).

Die meerderheid ouers het aangedui dat hulle tevrede is dat hulle betrokkenheid by skoolaktiwiteite genoegsaam is. Ten opsigte van die vorige paragraaf is hier sprake van 'n diskrepansie. Die feit dat die ouers aangedui het dat hulle selde of nooit skoolaktiwiteite bywoon nie, wys dat dié ouers tevrede is met hulle onbetrokkenheid en daarby berus (vergelyk vraag C11).

Van die redes wat die ouers aanvoer waarom hulle nie genoegsaam betrokke is nie, is onder andere hulle werksomstandighede wat as vernaamste rede aangevoer word. Redes soos finansiële omstandighede, afstand vanaf die skool en dat slegs geselekteerde ouers by die skool betrek word, word nie as baie belangrik beskou nie (vergelyk vraag C12).

As al die gegewens van afdeling C teenoor mekaar opgeweeg word, kan tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

- Dat die meerderheid ouers bekikbaar is om betrokke te raak by hulle kinders se opvoedende onderwys.

- Dat 'n tendens van onbetrokkenheid ook sigbaar is ten opsigte van die ouers se beskikbaarheid by die skoolaktiwiteite. Leemtes wat uit die gegewens geïdentifiseer kan word is onder andere dat ouers nie geredelik beskikbaar is vir hul by sport, kultuur, skoolfunksies en ander aktiwiteite nie.

- 'n Verdere leemte wat na vore kom, is dat die ouers onbetrokke is ten opsigte van die bywoning van skoolaktiwiteite soos kultuur en ander skoolaktiwiteite.

- Dat die onbetrokkenheid van die ouers hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die ouers se werksomstandighede. Redes soos finansies, afstand vanaf skool, slegs geselekteerde groep ouers word betrek by die skool, ouers stel nie belang nie en 'n gebrek aan kommunikasie vanaf die skool oefen nie 'n beduidende invloed uit op die betrokkenheid van die ouers nie.

### 6.4.5 Skep van geborgenheidsruimte

#### 6.4.5.1 Afdeling D

Die doel van die afdeling is om vas te stel in hoe 'n mate die blanke ouer van die primêre skoolkind bereid is om 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer vir sy kind op mikro-vlak te skep.

Die bepaling van die essensie, naamlik die skep van 'n geborgenheidsruimte deur die ouer, kan moeilik deur statistieke bepaal word, maar in afdeling D word tog gepoog om die kwaliteit en kwantiteit geborgenheid wat in 'n gesin heers statisties weer te gee.

In tabel 4 word statistiese gegewens ten opsigte van afdeling D weergegee in verband met die stigting van 'n geborgenheidsruimte deur die ouers. Dit impliseer dat die ouers 'n veilige ruimte aan hulle kinders bied. Deur gebruik te maak van leidende vrae is die ouers se response in die tabel weergegee deur middel van 'n persentasie.

### 6.4.5.2 Tabel 4

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| D1 + D2 | Hoeveel tyd bestee u konstruktief aan u kind per dag, afgesien van normale huishoudelike take? | | | |
| | | | D1 VADER | D2 MOEDER |
| a | 30 min. | | 18,2 | 9,8 |
| b | Minder as 30 min. | | 10,5 | 4,7 |
| c | Meer as 30 min. | | 67,6 | 85,0 |
| d | Geen tyd nie | | 3,7 | 0,5 |
| D3 | Watter rol speel huisgodsdiens in u huisgesin? | | | |
| a | Die beoefening van huisgodsdiens is onmoontlik weens die gejaagde lewe | | | 12,1 |
| b | Dit word gereeld gehou | | | 56,1 |
| c | Dit word gehou as daar tyd is | | | 28,0 |
| d | Dit het nie plek in ons huisgesin nie | | | 3,8 |
| | | GEREELD | SOMS | NOOIT |
| D4 | Verskil u as ouers openlik voor u kinders m.b.t. tugmaatreëls? | 6,3 | 52,6 | 41,1 |
| D5 | Is u as ouer tevrede met die onderlinge verhoudinge binne u gesin? | 61,3 | 36,9 | 1,8 |
| D6 | Elke lid van die gesin het sekere verantwoordelikhede om in die huis na te kom | 68,3 | 28,6 | 3,1 |
| D7 | Ons kinders aanvaar altyd hul ouers se besluite | 43,3 | 55,6 | 1,1 |

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | | |
|---|---|---|---|---|
| D8 | Hoe dikwels bestee u tyd saam met u kind? (Vader) | | | |
| | | ALTYD | SOMS | NOOIT |
| 8.1 | Gesprekke | 60,0 | 39,0 | 1,0 |
| 8.2 | Spel | 33,3 | 61,3 | 5,4 |
| 8.3 | Huishoudelike take | 31,8 | 58,7 | 9,5 |
| D9 | Hoe dikwels bestee u tyd saam met u kind? (Moeder) | | | |
| | | ALTYD | SOMS | NOOIT |
| 9.1 | Gesprekke | 82,6 | 17,2 | 0,2 |
| 9.2 | Spel | 39,2 | 57,5 | 3,3 |
| 9.3 | Huishoudelik take | 62,4 | 36,3 | 1,3 |
| D10 | As kinders en ouers saam werk en speel, voel hulle nader aan mekaar | | | |
| a | Stem heelhartig saam | | | 94,5 |
| b | Stem gedeeltelik saam | | | 5,4 |
| c | Stem glad nie saam nie | | | 0,1 |

### 6.4.5.3 Data-ontleding

#### ☐ Vraag D1 en D2

Volgens die respondente bestee 67,6% vaders en 85,0% moeders konstruktief meer as 30 minute per dag aan hulle kinders, afgesien van normale huishoudelike take. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid ouers daarop ingestel is om kontak met hulle kinders te maak om sodoende 'n atmosfeer waarbinne hul kinders geborgenheid kan beleef, te skep.

Selfs die 18,2% vaders en 9,8% moeders wat 30 minute per dag konstruktief aan hulle kinders bestee kan meehelp dat daar affektiewe en kognitiewe kontak met hulle kinders gemaak word om sodoende 'n positiewe wederkerige vertrouensverhouding te skep.

Die response dui daarop dat 10,5% vaders en 4,7% moeders minder as 30 minute aan hulle kinders bestee, terwyl 3,7% vaders en 0,5% moeders geen tyd afstaan aan hulle kinders nie. Die klein persentasie ouers wat minder as 30 minute en selfs geen tyd aan hulle kinders bestee nie, lei tot die gevolgtrekking dat 'n waarskynlike ongeborgenheid in dié huisgesinne aanwesig kan wees. Deur die onbetrokkenheid van die ouers kan daar

moontlik kontakteleurstelling of kontakhonger by die kinders ontstaan wat 'n ongeborgenheidsbelewing beteken.

### ☐ Vraag D3

Die data toon aan dat daar in 56,1% huisgesinne gereeld huisgodsdiens beoefen word. Die aanname kan gemaak word dat die ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep deur gereeld huisgodsdiens te beoefen. Vir hierdie kinders word 'n betekenisvolle norm teen die agtergrond en in die lig van die godsdienstige belewing geskep.

Die beoefening van huisgodsdiens het in 'n groot aantal huisgesinne nie 'n vaste staanplek nie. Die beoefening van huisgodsdiens vind in 28,0% huisgesinne plaas as daar tyd is, terwyl in 12,1% huisgesinne die beoefening van huisgodsdiens onmoontlik is weens die gejaagde lewe. 'n Verdere 3,8% huisgesinne het nie plek vir huisgodsdiens in hulle huise nie. Die gegewens dui daarop dat die ouers waarskynlik nie besef dat geloof in God die mees sinvolle ruimte verteenwoordig waarbinne hulle hulle kinders geborge kan laat voel nie. Die gebrek aan tyd speel 'n al hoe belangriker rol in die ouers se verhouding met hulle kinders, wat daartoe lei dat die ouers nie die geleentheid benut om vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte te skep nie.

### ☐ Vraag D4

Die response dui daarop dat die meerderheid ouers (52,6%) soms openlik voor hulle kinders verskil met betrekking tot tugmaatreëls. As die 6,3% ouers wat gereeld verskil voor hulle kinders met betrekking tot tugmaatreëls bygevoeg word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die meeste ouers nie konsekwent is ten opsigte van die uitoefening van gesag nie en dat dit kan lei tot ongeborgenheid by die kinders. Die sodanige teenstrydige gesagsuitoefening in die gesin kan die kinders verwar en kan selfs neurotisering in die hand werk (Botha, 1977:47).

Die feit dat 41,1% ouers nooit verskil met betrekking tot tugmaatreëls nie, dui daarop dat dié ouers 'n veilige ruimte vir hulle kinders bewerkstellig, wat kan lei tot maksimale belewing van geborgenheid by die kinders.

### ☐ Vraag D5

Van die respondente het 61,3% laat blyk dat hulle tevrede is met die onderlinge verhouding binne die gesin. In die tevredenheid ten opsigte van die onderlinge verhoudinge kan die moontlikheid gesien word dat daar 'n geborge atmosfeer heers in die gesinne.

Die 28,6% ouers wat soms tevrede is met die onderlinge verhoudinge binne die gesin kan nie sonder meer veroordeel word nie, want hulle kan heel moontlik tye beleef wat hulle onseker maak ten opsigte van die opvoedende onderwys van hulle kinders. Harmonie word ook nie deurentyd in alle gesinne beleef nie, daarom kan afgelei word dat hierdie ouers wel pogings aanwend om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep deur liefdevolle versorging.

'n Onbeduidende aantal ouers (3,1%) het aangetoon dat hulle nooit tevrede is met die onderlinge verhoudinge binne die gesin nie. Die sienswyse van die ouers laat veel ruimte vir verbetering. Die klaarblyklike disharmonie in die gesinne kan 'n aanduiding wees dat daar 'n gebrek aan liefde is wat 'n ongeborgenheid kan laat ontstaan.

- **Vraag D6**

Data-inligting bewys dat daar in 68,3% gesinne sekere verantwoordelikhede aan elke lid van die gesin toegewys word om na te kom. Die groot aantal dui daarop dat die ouers aan hulle kinders geleenthede gun om self verantwoordelikhede te aanvaar. Hierdeur kan die kinders hulle eie potensiaal en/of tekortkominge leer ken en sodoende leer om realistiese doelstellinge na te streef. Gesinne wat 'n redelike mate van outonomie en selfstandigheid toelaat, lewer meestal kinders op wat selfstandig is (Vaughan, 1971:23).

In die 28,6% gesinne waar elke lid van die gesin soms verantwoordelikhede het om in die huis na te kom asook in die 3,1% gesinne waar gesinslede nooit verantwoordelikhede het om na te kom nie, kan 'n ongeborge sfeer vir die kinders geskep word. Dus kan die gevolgtrekking gemaak word dat die groep ouers waarskynlik nie 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep nie.

- **Vraag D7**

Volgens die response het 43,3% ouers laat blyk dat hulle kinders gereeld hulle besluite aanvaar. Enersyds kan die aanname gemaak word dat in soverre dit dié aspek betref, die ouers moontlik 'n outoritêre houding handhaaf en sodoende hulle kinders hul vryheid misgun om van hulle te verskil. Andersyds bestaan daar moontlik 'n vertrouensverhouding tussen ouers en kinders wat 'n geborgenheidsruimte vir die kinders skep, sodat hulle hul ouers se besluite aanvaar.

Na aanleiding van die meerderheid respondente (55,6%) wat laat blyk het dat hulle kinders soms hulle besluite aanvaar, kan die afleiding gemaak word dat daar 'n geborgenheidsruimte vir die kinders geskep is waarbinne hulle van hulle ouers kan verskil.

Die onbeduidende 1,1% ouers wat aangedui het dat hulle kinders nooit hulle besluite aanvaar nie, kan 'n aanduiding wees dat daar by hulle geen vertrouensverhouding tussen kinders en ouers bestaan nie en dat die kinders 'n ongeborgenheid beleef.

### □ Vraag D8.1

Volgens die response bestee 60,0% vaders tyd aan hulle kinders deur gesprekke, terwyl daar 39,0% is wat soms en 1,0% vaders wat nooit gesprekke met hulle kinders voer nie. Die aanname kan gemaak word dat die meerderheid vaders die geleentheid skep vir die stigting van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders, deur altyd met hulle in gesprek te tree. Die vaders wat soms of nooit tyd saam met hulle kinders bestee deur middel van gesprekke nie, bied minder of selfs geen geleentheid tot die stigting van 'n geborgenheidsruimte nie. Dus kan aangeneem word dat 'n ongeborgenheid 'n waarskynlikheid is tussen dié vaders en hulle kinders.

### □ Vraag D8.2

Uit die antwoorde blyk dit dat die meerderheid (61,3%) vaders soms met hulle kinders speel, terwyl 5,4% vaders aangedui het dat hulle nooit saam met hulle kinders speel nie. Dit wil voorkom asof die toedrag van sake daartoe kan lei dat die vaders en hul kinders min geleenthede kry om tot 'n gesonde verhoudingstigting te kom, wat 'n ongeborgenheid tot gevolg kan hê.

'n Derde (33,3%) van die vaders bestee altyd hulle tyd saam met hulle kinders deur middel van spel. Die feit dui moontlik daarop dat die vaders 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep deur gereeld saam met hulle kinders te speel.

### □ Vraag D8.3

Deur 31,8% vaders is aangedui dat hulle altyd saam met hulle kinders tyd bestee aan huishoudelike take, wat daarop dui dat dié groep vaders waarskynlik 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep.

Die meerderheid vaders (58,7%) verwyl soms saam met hulle kinders hulle tyd aan huishoudelike take, terwyl 9,5% nooit tyd op hierdie wyse tyd saam met hulle kinders deurbring nie. Die gevolgtrekking wat gemaak word is dat die meerderheid vaders nie geredelik tyd afstaan aan hulle kinders nie en sodoende verminder die geleenthede om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep. Dit dui dus daarop dat daar nie 'n geborgenheidsruimte vir die kinders geskep word nie.

### □ Vraag D9.1

Volgens die response bestee 82,6% moeders altyd tyd aan hulle kinders deur middel van gesprekke. Die statistiek bevestig die feit dat die oorgrote meerderheid moeders 'n basis kan skep vir 'n geborgenheidsruimte deur middel van gesprekke met hulle kinders.

Teenoor die voorafgaande het 17,2% moeders aangedui dat hulle soms en 0,2% dat hulle nooit in gesprek met hulle kinders tree nie. Die relatief min of selfs geen tyd wat dié moeders aan hulle kinders bestee deur middel van gesprekvoering, dui daarop dat 'n ongeborgenheid in die gesinne kan ontstaan.

### □ Vraag D9.2

Uit die antwoorde van die meerderheid moeders blyk dit dat hulle soms of nooit saam met hulle kinders speel nie. Van die moeders was daar 57,5% wat soms en 3,3% wat nooit aandag aan hulle kinders bestee deur middel van spel nie. Die stand van sake kan daartoe lei dat die moeders nie genoegsame geleenthede vir hulle kinders skep om in geborgenheid groot te word nie.

Die 39,2% moeders wat hulle tyd altyd saam met hulle kinders verwyl deur spelenderwys saam met hulle te verkeer kan 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep.

### □ Vraag B9.3

Die meerderheid moeders (62,4%) bestee altyd tyd saam met hulle kinders aan huishoudelike take. Die data dui daarop dat dié groep moeders 'n basis skep waarop geborgenheid in die gesinne 'n moontlikheid kan word.

Van die moeders bestee 36,3% soms en 1,3% nooit tyd saam met hulle kinders aan huishoudelike take nie. Hieruit kan afgelei word dat die moeders waarskynlik nie 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep nie.

### ☐ Vraag D10

'n Oorweldigende aantal (94,5%) ouers het aangedui dat hulle van mening is dat ouers en kinders wat saam speel en werk, nader aan mekaar voel. Die mening wat hulle huldig dui daarop dat die ouers en hulle kinders mekaar beter kan leer ken deur saam te werk en te speel. Dit kan dus lei tot die skepping van 'n geborgenheidsruimte. Die 94,5% ouers wat heelhartig saamstem dui op 'n positiewe gesindheid en insig by dié ouers. Die vraag is of hulle dit waaroor hulle saamstem, werklik doen?

Slegs 5,4% respondente stem gedeeltelik saam, terwyl 0,1% aandui dat hulle glad nie saamstem dat kinders en ouers nader aan mekaar voel as hulle saam werk en speel nie. Die afleidings wat gemaak word uit die onbeduidende aantal ouers wat van mening is dat hulle slegs gedeeltelik of glad nie saamstem nie, is dat 'n klein persentasie van die ouers waarskynlik nie die nodigheid van 'n vertrouensverhouding insien nie. Dié standpunt kan lei tot 'n ongeborgenheid.

### 6.4.5.4 Evaluering

Die samevattende evaluering word gedoen om vas te stel of daar aanduidings is dat die ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep of nie. Evaluering gaan ook plaasvind deur middel van vergelykings wat getref word tussen die vaders en moeders se aandeel in die geborgenheidskepping.

Van die ouers wat meer as 30 minute per dag konstruktief aan hulle kinders bestee, afgesien van normale huishoudelike take, het meer moeders as vaders hulle tyd aan hulle kinders bestee. Nieteenstaande die verskil tussen die vaders en moeders se tydsbesteding, was daar 'n positiewe tendens te bespeur ten opsigte van die ouers se hoeveelheid tydsbesteding aan hulle kinders. Die aanname kan dus gemaak word dat die meerderheid ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders probeer skep deur die tyd wat hulle konstruktief aan hulle kinders bestee (vergelyk vrae D1 en D2).

Die feit dat meer as die helfte (56,1%) huisgesinne gereeld huisgodsdiens beoefen lei tot die gevolgtrekking dat dié groep ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders skep. Die positiewe van die voorafgaande gevolgtrekking word in 'n sekere mate gedemp as daarop gelet word dat die oorblywende aantal huisgesinne nie huisgodsdiens op gereelde basis in hulle huise beoefen nie. Die redes wat aangevoer word vir die onbestendigheid ten opsigte van die beoefening van huisgodsdiens is onder andere dat huisgodsdiens gehou word as daar tyd daarvoor is. Verdere redes is dat huisgodsdiens onmoontlik is weens die gejaagde

lewe en ook dat huisgodsdiens nie plek het in die huisgesin nie. Dit blyk dus dat hierdie ouers 'n ongeborge klimaat vir hulle kinders skep (vergelyk vraag D3).

Die onderlinge verskil tussen ouers oor gesagsuitoefening, kan die kinders ontneem van die gevoel van veiligheid en sekerheid in die huis. Die meerderheid ouers se response dui daarop dat hulle soms of gereeld van mekaar verskil ten opsigte van tugmaatreëls wat 'n ongeborgenheid in dié huisgesinne tot gevolg kan hê (vergelyk vraag D4).

Die meningsopname dui daarop dat die meerderheid ouers tevrede is met die onderlinge verhouding binne die gesin. Die groep ouers het waarskynlik 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep wat ook sou lei tot 'n goeie onderlinge verhouding in die gesin (vergelyk vraag D5).

Die bevinding dat die meerderheid ouers sekere verantwoordelikhede aan hulle kinders toegewys het om na te kom, dui daarop dat die ouers bereid is om hulle kinders in geborgenheid opvoedend te onderwys (vergelyk vraag D6).

Die feit dat die meerderheid ouers aangedui het dat hulle kinders soms hulle besluite aanvaar, kan waarskynlik daarop dui dat die ouers hulle kinders nie outoritêr opvoed nie maar in geborgenheid die geleentheid bied om soms van hulle ouers te verskil (vergelyk vraag D7).

Meer moeders (82,6%) bestee meer tyd aan gesprekke met hulle kinders as die vaders (60,0%). Die aanduidings dat die meerderheid ouers tyd bestee aan gesprekke met hulle kinders, is waarskynlik omdat die ouers geneë is om 'n vertrouensverhouding met en daardeur 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep (vergelyk vrae D8.1 en D9.1).

Daar is nie 'n wesenlike verskil tussen die aantal vaders (33,3%) en die aantal moeders (39,2%) wat die meeste van hulle tyd (altyd) saam met hulle kinders deur middel van spel verwyl nie.

Dit blyk dus dat die ouers 'n stewige grondslag lê vir hulle kinders deur spelenderwys saam met hulle te verkeer. Hierdeur kan die ouers vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte skep (vergelyk vrae D8.2 en D9.2).

Uit die antwoorde van die oorgrote meerderheid respondente blyk dit dat die ouers soms of nooit saam met hulle kinders speel nie. Van die 66,7% vaders bestee 61,3% soms en 5,4% nooit dergelik aandag aan hulle kinders nie. Daarteenoor is daar van die 60,9% moeders 57,5% wat soms en 3,3% wat nooit aandag aan hulle kinders bestee deur middel van spel nie. Die toedrag van sake kan daartoe lei dat die ouers en kinders nie die geleent-

heid kry om tot 'n gesonde verhoudingstigting te kom nie, wat 'n ongeborgenheid tot gevolg kan hê (vergelyk vrae D8.2 en D9.2).

Ongeveer die helfte meer moeders (62,4%) bestee meer tyd saam met hulle kinders aan huishoudelike take as dié van die vaders (31,8%). Waarskynlik het die moeders in dié opsig groter geleentheid om by te dra tot die stigting van 'n geborgenheidsatmosfeer in die gesin as die vaders (vergelyk vrae D8.3 en D9.3).

Die mening dat 'n gesonde verhouding van saam speel en werk die ouers en kinders nader aan mekaar bring, word baie sterk deur die ouers ondersteun. Dit dui dus daarop dat die 94,5% ouers wat dié mening huldig dat as kinders en ouers saam werk en speel, hulle nader aan mekaar voel en 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep word (vergelyk vraag D10).

Uit die gegewe inligting verkry uit die response kan die aanname gemaak word dat die meerderheid ouers 'n poging aanwend om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep.

### 6.4.6 Die ouers as kultuurdraers

#### 6.4.6.1 Afdeling E

Die doel van hierdie afdeling is om te bepaal of die ouers as kultuurdraers vir hulle kinders optree. Ouers moet deur hulle voorbeeld, gesamentlike deelname en simpatieke begeleiding hulle kinders toerus om later as volwassendes in hulle gemeenskap aanvaar te word. Dit is die taak van die ouers om die werklikheid en toekomseise van hul kultuurgroep aan die kinders oor te dra deur begeleiding en voorlewing. Daar word nou in hierdie afdeling vasgestel of ouers as kultuurdraers optree en moontlike aanbeveling word gemaak indien leemtes geïdentifiseer word.

In Tabel 5 word die data ten opsigte van afdeling E in statistiese vorm voorgehou.

### 6.4.6.2 Tabel 5

| VRAAG-NOMMER | VRAAG | | PERSEN-TASIE |
|---|---|---|---|
| E1 | Watter rol speel u in u kind se kulturele bedrywighede by die skool? | | |
| a | Sien toe dat my kind dit gereeld bywoon | | 78,1 |
| b | Ek is persoonlik betrokke by die kulturele bedrywighede van die skool | | 9,7 |
| c | Ek is glad nie betrokke nie, aangesien dit die skool en onderwyser se plig is | | 12,2 |
| E2 | Is u kind betrokke by kulturele bedrywighede by die skool? | | |
| a | Ja | | 70,1 |
| b | Nee | | 29,9 |
| E3 | Hoe gereeld woon u volksfeeste by? (bv. Geloftedag) | | |
| a | Baie gereeld | | 6,5 |
| b | Gereeld | | 12,2 |
| c | Soms | | 41,1 |
| d | Nooit | | 40,2 |
| E4 | Hoe dra u die volkstradisies aan u kinders oor? (Beantwoord assebief al die onderstaande) | | |
| | | JA | NEE |
| 4.1 | Deur dit mondeling aan hulle voor te hou | 88,9 | 11,1 |
| 4.2 | Deur my eie voorlewing (neem self deel) | 33,8 | 66,2 |
| 4.3 | Slegs my kinders neem deel aan kulturele aktiwiteite | 51,3 | 48,7 |
| 4.4 | Sien nie die nodigheid om dit aan my kinders oor te dra nie | 21,9 | 78,1 |
| E5 | Watter lewensopvatting wil u hê moet aan u kinders oorgedra word? | | |
| a | Christelike (Calvinistiese) lewensopvatting | | 94,4 |
| b | Pragmatiese lewensopvatting – verabsolutering van dit wat prakties en bruikbaar is | | 5,2 |
| c | Kommunistiese lewensopvatting – verabsolutering van die groepsgedagte | | 0,0 |
| d | Liberalistiese lewensopvatting – verabsolutering van die vryheidsgedagte | | 0,4 |
| E6 | Watter rol speel u as ouer ten opsigte van taalgebruik in u huis? | | |
| a | Dra sorg dat die taal suiwer gepraat word | | 75,1 |
| b | Minder besorg oor die suiwerheid van die taal | | 23,8 |
| c | Glad nie besorg oor taalgebruik nie | | 1,1 |

#### 6.4.6.3 Data-ontleding

### □ Vraag E1

Die response van die ouers dui daarop dat die meerderheid ouers (78,1%) toesien dat hulle kinders kulturele bedrywighede by die skool bywoon. Die aanduiding is dat die meerderheid ouers toesien dat kultuur aan hulle kinders oorgedra word, maar dit spreek nie vanself dat die ouers wel optree as kultuurdraers nie, omdat daar nie duidelike bewys is van die ouers se kulturele voorlewing nie. Die teendeel kan ook moontlik wees, aangesien die ouers dit waarskynlik as hulle kulturele plig beskou om toe te sien dat hulle kinders gereeld aan kulturele bedrywighede by die skool deelneem.

'n Beduidende aantal ouers (12,2%) is van mening dat hulle geen rol te speel het in hulle kinders se kulturele bedrywighede by die skool nie, aangesien dit die skool en die onderwysers se plig is. Hieruit word afgelei dat die ouers waarskynlik nie belangstel om op te tree as kultuurdraers by hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

Slegs die klein persentasie van 9,7% ouers wat persoonlik betrokke is by die kulturele bedrywighede van die skool kan beskou word as ware kultuurdraers. Deur hulle voorlewing wys hulle die weg aan vir hulle kinders en vervul hulle die rol van kultuurdraers vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

### □ Vraag E2

Die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 70,1%, het laat blyk dat hulle kinders betrokke is by kulturele bedrywighede by die skool. Dit wil voorkom asof die ouers hulle kinders aanmoedig en toesien dat hulle betrokke is by die kulturele bedrywighede van die skool (vergelyk vraag E1). Die oorgrote meerderheid tree dus in bogenoemde opsig op as kultuurdraers vir hulle kinders deur hulle opvoedende onderwys.

Verder toon 29,9% ouers aan dat hulle kinders nie betrokke is by die kulturele bedrywighede van die skool nie. Die aanname kan gemaak word dat die groep ouers nie as die nodige stimulant dien vir hulle kinders om betrokke te wees by kulturele bedrywighede nie. Die ouers kan dus nie beskou word as kultuurdraers vir hulle kinders nie.

### □ Vraag E3

Deur 41,1% en 40,2% respondente is aangetoon dat hulle volksfeeste onderskeidelik soms en nooit bywoon nie. Die groot persentasie (81,3%) van die respondente wat oorwegend

negatief staan teenoor die bywoning van volksfeeste, is opvallend. Die gebrek aan belangstelling van die ouers se kant ten opsigte van die bywoning van volksfeeste dien beslis nie as voorbeeld vir hulle kinders nie, en in hierdie opsig het die ouers gefaal in die kultuuroordrag aan hulle kinders.

Slegs 6,5% ouers woon volksfeeste baie gereeld by, terwyl 12,2% ouers dit gereeld bywoon. Die 18,7% ouers wat baie gereeld of gereeld volksfeeste bywoon, dien as voorbeeld deur hulle voorlewing aan hulle kinders en tree as kultuurdraers vir hulle kinders op.

□ **Vraag E4.1**

Uit die antwoorde van die oorgrote meerderheid ouers, naamlik 88,9%, blyk dit dat hulle die volkstradisies mondeling aan hulle kinders oordra. Die afleiding wat gemaak word is dat ouers deur die gesproke woord hulle bydrae lewer tot die oordrag van kultuur aan hulle kinders.

Daar is egter 11,1% ouers wat nie die volkstradisies mondeling aan hulle kinders oordra nie. Dit dui waarskynlike daarop dat dié ouers hulle volkstradisies negeer en sodoende nie optree as kultuurdraers nie.

□ **Vraag E4.2**

Dit blyk dat die meerderheid ouers nie die volkstradisies deur voorlewing (66,2%) aan hulle kinders oordra nie. Die aanduidings is dat die ouers belangstelling verloor het ten opsigte van hulle volkstradisies en daarom nie self daaraan deelneem nie.

'n Beduidende aantal ouers, 33,8%, het aangedui dat hulle die volkstradisies deur voorlewing aan hulle kinders oordra. Hierdie ouers kan dus beskou word as kultuurdraers vir hulle kinders wat hulle deel bydra ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys.

□ **Vraag E4.3**

Daar is 51,3% respondente wat met Ja-response aangetoon het dat slegs hulle kinders deelneem aan kulturele aktiwiteite. Verder het 48,7% respondente met Nee-response aangedui dat slegs hulle kinders deelneem aan kulturele aktiwiteite. Die aanduidings is dat die meerderheid ouers nie deel in hulle kinders se kulturele aktiwiteite nie en hulle kan nie as sodanig beskou word as kultuurdraers vir hulle kinders nie. 'n Redelike aantal

ouers (48,7%) kan beskou word as ouers wat saam met hulle kinders deelneem aan die kultuuraktiwiteite.

### ☐ Vraag E4.4

Op die vraag hoe die ouers die volkstradisies aan hulle kinders oordra, het 21,9% ouers geantwoord dat hulle nie die nodigheid sien om dit aan hulle kinders oor te dra nie.

Volgens die respondente het 78,1% ouers aangetoon dat dit nodig is dat die volkstradisies aan hulle kinders oorgedra moet word. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid ouers wel die nodigheid daarvoor insien en op dié wyse optree as kultuurdraers.

### ☐ Vraag E5

'n Oorweldigende aantal respondente, naamlik 94,4%, het aangedui dat hulle 'n Christelike lewensopvatting aan hulle kinders wil oordra. Hierteenoor het slegs 5,1% ouers aangedui dat hulle 'n pragmatiese lewensopvatting voorstaan en 0.4% 'n liberalistiese lewensopvatting. Geen ouer het aangedui dat hulle 'n kommunistiese lewensopvatting aan hulle kinders wil oorgedra hê nie.

Uit die data wat verkry is kan afgelei word dat die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekende blanke ouers van kinders in die primêre skool 'n Christelike lewensopvatting as die geskikste vir hulle kinders se opvoedende onderwys beskou.

### ☐ Vraag E6

In verband met die rol wat die ouers speel ten opsigte van taalgebruik in die huis het 75,1% respondente aangedui dat hulle sorg dra dat die taal suiwer gepraat word. Dit is 'n aanduiding dat die meerderheid ouers nog hiervoor sorg.

Van die respondente het 23,8% aangedui dat hulle minder besorg is oor die taalsuiwerheid van hulle kinders. Hieruit kan afgelei word dat hierdie persentasie ouers nie meer vashou aan dié komponent van kultuur, naamlik die taal, nie en sodoende nie ernstig genoeg is ten opsigte van hulle taak as kultuurdraers nie.

Slegs 1,1% ouers is glad nie besorg oor taalgebruik nie. Die onbesorgdheid van die klein persentasie ouers wek die indruk dat hulle nie wil bydra tot die kultuuroordrag van hulle kinders nie.

#### 6.4.6.4 Evaluering

In die evaluering gaan die inligting wat verkry is ontleed word om te bepaal of die ouers as kultuurdraers vir hulle kinders optree.

Die oorgrote meerderheid ouers (78,1%) sien toe dat hulle kinders die kulturele bedrywighede by die skool bywoon. 'n Besliste aanname kan nie gemaak word dat die ouers wel in bogenoemde opsig as kultuurdraers vir hulle kinders optree nie, omdat dit nie noodwendig so is dat die ouers se kulturele belangstelling grondig is nie. Die teendeel kan ook waar wees dat die ouers beslis belangstel om hulle kinders die geleenthede te bied om betrokke te raak by die kultuur van die gemeenskap (vergelyk vraag E1). Die ouers se bona fides word bevraagteken as die meelewing van die ouers in ag geneem word (vergelyk vraag E3).

Dat die oorgrote meerderheid ouers (70.1%) toesien dat hulle kinders betrokke is by kulturele bedrywighede by die skool is waarskynlik 'n aanduiding dat die ouers optree as kultuurdraers omdat die ouers self hulle kultuur voorlewe. Die teendeel kan ook waar wees aangesien die ouers slegs toesien dat hulle kinders betrokke is by kulturele bedrywighede maar self nie deel het aan die kulturele bedrywighede van die gemeenskap nie (vergelyk vraag E2). Hier kan die aanname ook gemaak word dat die ouers nie as kultuurdraers optree nie omdat hulle nie hulle kulturele bedrywighede ten volle uitleef nie (vergelyk vraag E3).

Die 81,3% ouers wat soms of nooit volksfeeste bywoon nie, kan nie vir hulle kinders as voorbeeld dien nie en sodoende kan hulle nie beskou word as kultuurdraers nie. As die klein persentasie ouers wat baie gereeld of gereeld volksfeeste bywoon met voorafgaande inligting vergelyk word, is die aanduidings dat die ouers negatief staan teenoor die bywoning van volksfeeste baie duidelik. Dus kan die afleiding gemaak word dat die ouers nie geredelik beskikbaar is om as kultuurdraers vir hulle kinders op te tree deur hulle voorlewing nie (vergelyk vraag E3).

Ten opsigte van die oordraging van volkstradisies het 88,9% ouers aangedui dat hulle dit mondeling doen, in teenstelling met die 66,2% wat aangedui het dat hulle nie die volkstradisies deur voorlewing oordra nie. Die spreekwoord "woorde wek, maar voorbeelde trek" is nie hier van toepassing op die ouers as die twee persentasies met mekaar vergelyk word nie (vergelyk vrae E4.1 en E4.2).

Die response van die ouers dat slegs hulle kinders deelneem aan kulturele aktiwiteite, dui aan dat die voor- en teenstanders hiervan ongeveer dieselfde hoeveelheid ouers verteenwoordig. Dit dui dus daarop dat die helfte van die ouers as kultuurdraers optree teenoor die ander helfte wat nie op die wyse hulle volkstradisies oordra nie (vergelyk vraag E4.3).

Die 78,1% ouers wat aangedui het dat dit nodig is dat volkstradisies aan hulle kinders oorgedra moet word, het waarskynlik die nodigheid van kultuuroordrag ingesien maar dit nog nie uitgevoer nie. Die oorblywende persentasie ouers het duidelik aangetoon dat hulle nie die nodigheid sien dat hulle die volkstradisies aan hulle kinders hoef oor te dra nie. Die klein persentasie ouers kan dus beskou word as ouers wat nie gewillig is om as kultuurdraers op te tree nie (vergelyk vraag E4.4).

Van die blanke ouers in die primêre skool het 94,4% aangedui dat hulle die Christelike lewensopvatting aan hulle kinders oorgedra wil hê. Die onbeduidende persentasie ouers wat 'n pragmatiese en liberalistiese lewensopvatting voorstaan dui daarop dat daar nie 'n algehele ooreenstemming is in die Afrikaanssprekende ouers se geledere oor hulle lewensopvatting en kultuuroordrag nie. Maar tog kan daar met sekerheid beweer word dat die blanke ouers die Christelike lewensopvatting aan hulle kinders wil oordra en sodoende as kultuurdraers wil optree (vergelyk vraag E5).

Ten opsigte van taalgebruik het die meerderheid ouers aangedui dat hulle sorg dra dat hulle moedertaal suiwer gepraat word. Hierdie ouers kan as kultuurdraers beskou word (vergelyk E6).

Uit die inligting kan daar nie met oortuiging verklaar word dat die ouers in alle opsigte as kultuurdraers vir hulle kinders optree in hulle opvoedende onderwys nie.

### 6.4.7 Diskrepansie en ooreenstemming tussen onderlinge response van ouers


#### 6.4.7.1 Inleiding

Die doel met die vergelyking tussen onderlinge response wat verkry is, is om te bepaal of daar enige ooreenstemming of diskrepasie bestaan met die oog op die vier essensies wat in die navorsing gebruik word as uitgangspunt. Die vier essensies kan nie as losstaande beskou word nie maar vorm 'n geheel en vul mekaar aan in die opvoedende onderwys van die kind.

In die afdeling gaan die biografiese besonderhede van die ouers ook in aanmerking geneem word om vas te stel of daar enige diskrepansie of verband bestaan tussen die biografiese besonderhede en die betrokke essensie.

### 6.4.7.2 Verbande tussen die onderlinge vrae

#### 6.4.7.2.1 Verband tussen ouerbetrokkenheid en bewustheid van kinders se behoeftes




Die doel met hierdie vergelyking is om te bepaal of daar 'n verband is tussen die ouers se mening oor hulle rol ten opsigte van opvoedende onderwys en in hoe 'n mate die ouers bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes (Grafiek 1).

Uit Grafiek 1 kan afgelei word dat die ouers wat saamgestem het dat hulle ten volle betrokke moet wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, 83,16% ten volle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.


Verder het van die ouers wat aangetoon het dat hulle van mening is dat hulle net gedeeltelik betrokke moet wees, net 16,05% aangedui dat hulle ten volle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.

Van die ouers wat glad nie betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys nie, omdat dit die skool se plig is, is slegs 0,79% ten volle bewus van hulle kinders se diepste behoeftes.

Die verband wat hier gevind word, dui daarop dat ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, meer bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes. Die betrokkenheid van die ouers by hulle kinders se opvoedende onderwys en die kennis van hulle kinders se diepste behoeftes loop dus hand aan hand, wat op sy beurt lei tot onvoorwaardelike aanvaarding van die kinders.

**6.4.7.2.2 Verband tussen die tyd wat vaders en moeders aan hulle kinders bestee teenoor die kinders se behoeftes**

Hier word 'n vergelyking getref tussen die hoeveelheid tyd wat die vaders en moeders per dag aan hulle kinders bestee, afgesien van normale huishoudelike take en in hoe 'n mate die ouers bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.



Die doel met die vergelyking is om te bepaal of daar enige verband bestaan tussen die tyd wat per dag aan die kinders bestee word en in hoe 'n mate die ouers bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes (Grafiek 2).

Grafiek 2 toon aan dat die vaders en moeders wat meer tyd as 30 minute per dag aan hulle kinders bestee, respektiewelik 71,99% en 88,14% ten volle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.

Van die vaders en moeders wat 30 minute per dag aan hulle kinders bestee het, het 16,40% vaders en 3,49% moeders aangetoon dat hulle ten volle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.

Van die vaders en moeders wat minder as 30 minute per dag bestee, was 8,27% en 3,10% ten volle bewus van hulle kinders se diepste behoeftes.

Die respondente, vaders en moeders wat geen tyd aan hulle kinders bestee nie, het 3,34% en 0,27% respektiewelik aangetoon dat hulle ten volle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes.

As die persentasieverspreiding per antwoord in Grafiek 2 ontleed word, kan die afleiding gemaak word dat die hoeveelheid tyd wat ouers per dag aan hulle kinders bestee, hulle die geleentheid bied om meer bewus te raak van hulle kinders se hunkering en nood. Deur die beskikbaarheid van die ouers aan die kinders, kry die ouers die geleentheid om hulle kinders beter te leer ken en te aanvaar. Hieruit kan 'n vertrouensverhouding gebore word wat kan lei tot die skepping van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders.


**6.4.7.2.3 Verband tussen ouers wat ten volle betrokke wil wees en ouerinspraak**

Hier gaan dit oor 'n vergelyking tussen die menings van ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys en hulle menings ten opsigte van ouer-inspraak by die skool.

Die doel van die vergelyking is om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen die ouers se mening oor ouerinspraak by die skool en hulle betrokkenheid by opvoedende onderwys (Grafiek 3).

'n Analise van die gegewens in Grafiek 3 toon dat die ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by die skool, indien moontlik, verkies dat elke individuele

ouer (86,16%) dit sy plig moet maak om te deel in die ouerinspraak by die skool. Die ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys het ook aangetoon dat naas bogenoemde, die volgende in orde van belangrikheid beskou word as die plig van die ouers ten opsigte van ouerinspraak in die skool: ouerverenigings (6,40%), bestuursraad (3,86%), geen (2,54%) en ander (1,04%).




Deur middel van die vergelyking is bepaal dat die ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, die individuele ouer as die belangrikste faktor beskou ten opsigte van ouerinspraak. Die response dui daarop dat ouers wat positief is teenoor die skool en die opvoedende onderwys van hulle kinders, die belangrikste plek ten opsigte van ouerinspraak toeken aan die individuele ouer, daarna die georganiseerde ouerverenigings en verkose ouerliggame om in vennootskap te tree met die skool.


Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar 'n verband bestaan tussen die menings van die ouers dat die individuele ouers hulself beskikbaar moet stel vir hulle kinders se op-

voedende onderwys deur middel van ouerinspraak by die skool en dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar deur ten volle betrokke te wees.

### 6.4.7.2.4 Verband tussen die tyd wat vaders en moeders bestee aan huiswerk terwyl die kinders in ouersorg is

Die verband tussen die tyd wat vaders en moeders besteė aan hulle kinders as hulle huiswerk doen en die beskikbaarheid van ouers vir hulle kinders na skoolure, is nagegaan.

Die doel van hierdie vraag is om te bepaal of die ouers vir hulle kinders beskikbaar is ten opsigte van hulle huiswerk terwyl die kinders in hulle sorg is na skool (Grafiek 4).




In Grafiek 4 word daar aangetoon dat daar 34,25% vaders is wat 1 uur tyd afstaan aan hulle kinders se huiswerk teenoor die 48,11% moeders. In vergelyking met die 33,13% vaders wat geen tyd afstaan aan hulle kinders vir huiswerk nie, het 4,47% moeders ook nie tyd afgestaan daarvoor nie.


Die vaders wat met 'n respons "ander tyd" (23,63%) gereageer het, het 'n derde plek beklee in hulle keuse teenoor die 14,09% van die moeders wat ook 'n derde plek beklee.

Volgens die respondente se antwoorde het 5,25% vaders en 19,36% moeders 2 uur bestee aan hulle kinders se huiswerk, terwyl dié in hulle sorg was na skool. Verder dui die grafiek aan dat 3,75% vaders teenoor 13,97% moeders meer as twee uur aandag skenk aan hulle kinders se huiswerk terwyl dié in hulle sorg is na skool.

Afleidings uit bogenoemde gegewens is dat vaders en moeders se aandagtye ten opsigte van hulle kinders se huiswerk verskil. Die moeders is meer geredelik beskikbaar vir hulle kinders ten opsigte van hulle huiswerk. Net meer as 'n derde (34,24%) vaders teenoor net minder as die helfte (48,11%) moeders staan wel tyd af aan huiswerk van hulle kinders.

### 6.4.7.2.5 Verband tussen bywoning van volksfeeste en die rol van die ouers in die kinders se kulturele bedrywighede

In Grafiek 5 is 'n vergelyking tussen ouers wat aangedui het dat hulle baie gereeld volksfeeste bywoon en die rol wat die ouers speel in hulle kinders se kulturele bedrywighede by die skool.




Die doel van die vergelyking is om te kan bepaal wat die rol van die ouers is wat baie gereeld die volksfeeste bywoon ten opsigte van hulle kinders se kulturele bedrywighede by die skool (Grafiek 5).

Die grafiek toon aan dat 75,31% ouers wat baie gereeld volksfeeste bywoon slegs toesien dat hulle kinders hul kulturele bedrywighede by die skool bywoon. Van die ouers wat baie gereeld volksfeeste bywoon is 17,28% persoonlik betrokke by die kulturele bedrywighede van die skool, en 7,41% van die respondente wat aangetoon het dat hulle baie gereeld volksfeeste bywoon is glad nie betrokke by die kulturele bedrywighede van die skool nie.

Hierdie toedrag van sake dui daarop dat ouers nie sterk na vore tree as kultuurdraers deur voorlewing nie. Dit blyk dat die ouers slegs toesien dat hulle kinders die kulturele bedrywighede bywoon, terwyl slegs 'n klein persentasie van 17,28% wel aktief betrokke is by die skool se kulturele aktiwiteite.

**6.4.7.2.6 Verband tussen die ouers wat ten volle betrokke wil wees en oueraandbywoning**

In Grafiek 6 is die verband tussen die ouers se mening oor die rol van die ouers in hulle kinders se opvoedende onderwys en hoe dikwels hulle oueraande bywoon, aangetoon.



Die doel met hierdie vergelyking is om te bepaal of daar enige verband bestaan tussen die mening van die ouers oor hulle rol in die kinders se opvoedende onderwys en die bywoning van oueraande (Grafiek 6).


Uit Grafiek 6 blyk dit dat van die ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, indien moontlik, 61,10% aangedui het dat hulle baie gereeld oueraande bywoon.

Verder toon Grafiek 6 aan dat 23,99% van bogenoemde ouers gereeld oueraande bywoon, terwyl 12,48% af en toe en 2,43% nooit oueraande bywoon nie.

Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid ouers wat ten volle beskikbaar wil wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys, wel die daad by die woord voeg en hulself beskikbaar stel deur die oueraande by te woon.

**6.4.7.2.7 Verband tussen gesamentlike fondsinsamelings en die beroepe van die moeders**

Grafiek 7 gee die resultaat van die verband tussen die mening van ouers dat fondsinsamelingsprojekte gesamentlik geloods moet word en die beroepe van die moeders.




Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal in watter beroep die moeders staan wat hulself beskikbaar stel om saam met die skool die fondsinsamelingsprojekte te loods (Grafiek 7).

Grafiek 7 toon aan dat die moeders wat huisvrouens (44,88%) is, ver in die meerderheid is om hulself beskikbaar te stel vir fondsinsamelingsprojekte. Die gevolgtrekking wat daaruit gemaak word is dat moeders wat huisvrouens is, uit die aard van hulle beroep die beste in staat is om vir hulle kinders beskikbaar te wees.

Moeders wat administratiewe werk verrig (25,12%) is naas die huisvrouens die meeste beskikbaar ten opsigte van fondsinsamelingsprojekte by die skool, gevolg deur moeders wat professionele beroepe (18,56%), ander beroepe (7,56%), bemarking (3,14%) en 'n ambag beoefen (0,74%). Hieruit kan afgelei word dat die beroep wat die moeders beoefen 'n invloed uitoefen op hulle beskikbaarheid.

#### 6.4.7.2.8 Verband tussen ouers wat ten volle betrokke wil wees en hulle betrokkenheid by sport as skoolaktiwiteit

Die doel is om vas te stel of die ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys wel betrokke is by sport as 'n skoolaktiwiteit, en in watter hoedanigheid (Grafiek 8).




Uit Grafiek 8 word afgelei dat van die ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys slegs 6,88% help met afrigting, 32,86% beskikbaar is om te werk en 60,26% in geen hoedanigheid betrokke is by sport as skoolaktiwiteit nie.

Uit die literatuur van die navorsing word die diskrepansie wat hier bestaan toegelig. Die feit dat so min ouers help met afrigting en werk kan te wyte wees aan die stelsel. In die verlede het die skool al die afrigting en werk self verrig en is die ouers nie die geleentheid gegun om daaraan deel te neem nie. Van Schalkwyk (1983:17) bevestig die rede wat hier aangevoer word waar hy verwys na die stelsel waarin die ouer feitlik geen faktor is nie.

Die feit dat so 'n groot persentasie (60,26%) in geen hoedanigheid betrokke is by die skool nie, bevestig moontlik voorafgaande. Dat die ouers graag ten volle betrokke wil raak by die opvoedende onderwys van hulle kinders, word in die wiele gery deurdat ander faktore hulle verhinder om dit te vermag, faktore soos onkundigheid uit die ouers se oogpunt, asook tyd en werksomstandighede. Die feite word ook deur Van Schalkwyk (1983:18) bevestig waar hy na faktore soos bogenoemde verwys.

**6.4.7.2.9 Verband tussen ouers wat ten volle betrokke wil wees en hulle bywoning van kultuuraktiwiteite by die skool**




Die doel met die vergelyking is om 'n verband vas te stel tussen die ouers se mening dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys en hulle bywoning van kultuuraktiwiteite by die skool (Grafiek 9).

Die Grafiek 9 dui daarop dat meer as die helfte van die ouers (53,26%) nooit kultuurfunksies by die skool bywoon nie. Ongeveer 'n kwart (25,56%) van die ouers woon kultuuraktiwiteite by die skool gereeld by, terwyl 21,18% ouers die aktiwiteite selde bywoon.

As in ag geneem word dat dit ouers is wat die mening huldig dat hulle ten volle betrokke wil wees by die opvoedende onderwys van hulle kinders, dui dit op 'n diskrepansie.

Die aanname kan gemaak word dat die ouers wat die kultuuraktiwiteite selde of nooit bywoon nie, moontlik nie 'n belangstelling in kultuur het nie. Indien dit nie die geval is nie, moet die waarskynlikheid van 'n onbetrokkenheid ter sprake kom. Die ouers wat dus nie beskikbaar is nie, kan ook nie as kultuurdraers vir hulle kinders optree nie.

### 6.4.7.2.10 Verband tussen die rol wat huisgodsdiens speel en 'n Christelike lewensopvatting



Die doel van die vergelyking is om die verband tussen die rol wat huisgodsdiens in die huis speel en die Christelike lewensopvatting wat die ouers aan hulle oorgedra wil hê, te bepaal (Grafiek 10).

Deur 57,06% van die ouers wat die Christelike lewensopvatting voorstaan, aangedui dat hulle gereeld huisgodsdiens hou. Hierteenoor het 27,61% aangedui dat hulle huisgodsdiens hou as daar tyd is, terwyl 12,12% ouers wat die Christelike lewensopvatting voorstaan meen dat die beoefening van huisgodsdiens onmoontlik is weens die gejaagde lewe. Daar is 3,21% ouers wat meen dat daar nie plek vir huisgodsdiens in hulle huisgesinne is nie.

As in aanmerking geneem word dat 'n oorweldigende aantal huisgesinne, naamlik 94,39%, die Christelike lewensopvatting aan hulle kinders oorgedra wil hê (vergelyk par.6.4.5.3), is dit opvallend dat ongeveer net die helfte van die huisgesinne nog huisgodsdiens beoefen.


Volgens die aanduidings bestaan daar dus 'n diskrepansie tussen die lewensopvatting van die ouers en die werklikheid waarin huisgodsdiens beoefen word. Die negatiewe tendens dui daarop dat die ouers wel 'n Christelike lewensopvatting aan hulle kinders oorgedra wil hê, maar dat hulle dit nie deur middel van die beoefening van huisgodsdiens aan hulle kinders oordra nie. Die diskrepansie dui verder daarop dat die ouers wat 'n sekere lewensopvatting voorstaan en as kultuurdraers moet optree, in die praktyk daarvan wegdeins deur toe te laat dat huisgodsdiens nie 'n vaste plek in hulle huisgesinne inneem nie. Dit kan weer op sy beurt lei tot 'n ongeborgenheid wat in die gesinne mag ontstaan.

**6.4.7.2.11 Verband tussen bywoning van volksfeeste en die oordra van tradisies deur die ouers se voorlewing**

Die doel van hierdie vergelyking is om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen die bywoning van volksfeeste en die oordraging van die volkstradisies deur die ouers se voorlewing (grafiek 11).

Volgens grafiek 11 word aangedui dat 17,11% van die ouers wat baie gereeld volksfeeste bywoon deur hulle voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra.

Deur 25,96% ouers wat gereeld volksfeeste bywoon, is aangetoon dat dat hulle deur voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra. Daarteenoor het 42,18% ouers wat soms volksfeeste bywoon aangedui dat hulle deur voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra.




Van die ouers wat beweer dat hulle nooit volksfeeste bywoon nie, het 14,75% aangetoon dat hulle deur voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra.

Die statistieke toon dus aan dat 43,07% ouers aangedui het dat hulle deur hulle voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra en wel gereeld of baie gereeld volksfeeste bywoon. Daarteenoor het van die ouers wat aangedui het dat hulle deur voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra, 56,93% soms of nooit volksfeeste bygewoon het nie. Dit dui dus op 'n diskrepansie, aangesien die ouers een ding meen en die ander doen. Na alle waarskynlikheid kan hier beweer word dat die meerderheid ouers nie as kultuurdraers optree nie.

### 6.4.7.3 Evaluering

Met die evaluering van die voorafgaande vergelykings tussen die onderlinge response om te bepaal of daar enige ooreenstemming of diskrepansie bestaan en met die vier essensies as uitgangspunt, is heelwat gevolgtrekkings gemaak.

Ten eerste is bevind dat die vier pedagogiese essensies wat ondersoek is mekaar beslis aanvul. Daar is bevind dat daar 'n verband bestaan tussen die menings van die ouers dat

hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys en dat hulle bewus is van hulle kinders se diepste behoeftes. Beskikbaarheid van die ouers en die kennis van hulle kinders se diepste behoeftes lei tot die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders (vergelyk 6.4.7.2.1).

Die positiewe verband wat daar bestaan tussen die tyd wat die ouers per dag aan hulle kinders bestee en die kennis van hulle kinders se hunkering en nood, dui daarop dat die vertrouensverhouding wat so kan ontstaan tussen ouers en kinders in verband gebring kan word met die skep van 'n geborgenheidsruimte (vergelyk 6.4.7.2.2).

Die beskikbaarheid van die ouers en ouerinspraak is so vervleg met mekaar dat die een sonder die ander daartoe aanleiding kan gee dat die essensie van onvoorwaardelike aanvaarding nie ten volle tot sy reg kom nie. Die gevolgtrekking word gemaak deur die verband te bepaal wat daar bestaan tussen die menings van die ouers dat individuele ouers hulself beskikbaar moet stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys deur middel van ouerinspraak en ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 6.4.7.2.3).

Daar is ook vasgestel dat die vaders en moeders se aandagstye ten opsigte van hulle kinders se huiswerk verskil. Die moeders is meer geredelik beskikbaar om hulle kinders met hulle huiswerk te help as die vaders (vergelyk 4.7.2.4).

Die verband tussen die ouers wat aangedui het dat hulle baie gereeld volksfeeste bywoon en die rol wat die ouers speel in hulle kinders se kulturele bedrywighede by die skool, wys dat ouers nie as kultuurdraers optree deur hulle voorlewing nie (vergelyk 6.4.7.2.5).

Die verband wat daar bestaan tussen die rol wat die ouers moet speel in hulle kinders se opvoedende onderwys en hoe dikwels hulle oueraande bywoon dui daarop dat die ouers wat ten volle beskikbaar wil wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys wel oueraande gereeld bywoon (vergelyk 6.4.7.2.6).

Daar is bepaal dat die moeders wat huisvrouens is meer bekikbaar is ten opsigte van fondsinsamelingsprojekte by die skool. Hieruit is afgelei dat die beroep wat die moeders beoefen invloed uitoefen op die beskikbaarheid van die moeders (vergelyk 6.4.7.2.7).

Verder is ook vasgestel dat die ouers wat van mening is dat hulle ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys nie so betrokke is by sport as skoolaktiwiteite

nie. 'n Diskrepansie bestaan dus hier wat daarop dui dat die ouers beskikbaar wil wees maar nie in die praktyk dit tot uitvoer bring nie (vergelyk 6.4.7.2.8).

Die beeld wat van die ouers gekry word is dat hulle nie as kultuurdraers optree nie. Die ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, woon maar selde of ooit kultuuraktiwiteite by die skool by (vergelyk 6.4.7.2.9).

'n Negatiewe tendens is sigbaar in die vergelyking tussen die Christelike lewensopvatting wat die ouers huldig en die beoefening van huisgodsdiens. Dit dui daarop dat die ouers nie as kultuurdraers optree nie (vergelyk 6.4.7.2.10).

Om die verband te bepaal tussen die bywoning van volksfeeste en die oordraging van volkstradisies deur die ouers se voorlewing, is weer eens bevind dat die ouers se woord en daad verskil. Die negatiewe tendens bevestig van die vorige bevindige dat die ouers nie as kultuurdraers optree nie (vergelyk 6.4.7.2.11).

## 6.5 SAMEVATTENDE EVALUERING

Op grond van die voorafgaande empiriese ondersoek kan die onderstaande gevolgtrekkings gemaak word. Die tipiese ouers waarmee in die navorsing gewerk is, bestaan uit volledige huisgesinne waarvan die oorgrote meerderheid kinders die geleentheid het om uit die huis skool te gaan en gevolglik gunstige opvoedende onderwysgeleenthede geniet (vergelyk paragraaf 6.4.2.4).

'n Positiewe tendens ten opsigte van 'n gunstige opvoedende onderwysklimaat is ook sigbaar in die feit dat die tipiese ouer in die navorsing ouer is as 35 jaar, met ander woorde ouers wat oor groter lewenservaring beskik. Daar is ook gevind dat die meerderheid vaders goeie en gemiddelde beroepsposisies beklee, wat ook 'n basis vorm vir 'n goeie opvoedingsmilieu. 'n Verdere bydraende faktor tot groter ouerbetrokkenheid is die feit dat die meerderheid moeders huisvrouens is en beskikbaar is vir hulle kinders as hulle tuiskom (vergelyk paragraaf 6.4.2.4).

Uit die navorsing blyk dit verder dat die meerderheid ouers redelik tot goed geletterd is, wat beter geleenthede aan die kinders vir hulle opvoedende onderwys bied. Voeg hierby die feit dat die gesinne klein (2 of 3 kinders) is, en die aanduiding dat daar vir die kinders 'n gunstige opvoedingsklimaat geskep kan word, vergroot verder (vergelyk paragraaf 6.4.2.4).

Meer positiewe as negatiewe tendense het na vore gekom ten opsigte van die ouers se aanvaarding van hulle kinders. Ten eerste beskou die ouers dit as baie belangrik dat hulle kinders moet presteer op skool, veral met die oog op die voorbereiding op hulle kinders se toekoms. Tweedens blyk dit dat die oorgrote meerderheid ouers betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys. Dit dui dus daarop dat die ouers gewillig is om hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar en deur hulle betrokkenheid te lei tot beskawingsvolwassenheid (vergelyk paragraaf 6.4.3.4).

Ten spyte van die aanduidings dat die meerderheid ouers voorstanders is daarvan om met hulle kinders in gesprek te tree en hulle selfs tereg te wys na minder ernstige oortredings tuis, bestaan daar 'n diskrepansie ten opsigte van die ouers se optrede na ernstige oortredings tuis. Waar lyfstraf by eersgenoemde oortredings bykans nooit toegepas word nie, is die teendeel by ernstige oortredings waar. 'n Inkonsekwentheid is hier waarneembaar en die vraag kan gevra word of daar sprake kan wees van onvoorwaardelike aanvaarding ten opsigte van gesagshandhawing. Dit is ook waarskynlik dat die algemeen-bekende oorwegend outokratiese tuguitoefening van die Afrikaner hier 'n rol speel (vergelyk paragraaf 6.4.3.4).

'n Pedagogiese ons-heid is sigbaar ten opsigte van die ouers se kennis van hulle kinders. Die ouers aanvaar hulle kinders onvoorwaardelik as unieke mense van God deurdat die meeste van hulle ten volle bewus is van hulle kinders se talente en ideale. Selfs hulle kinders se hunkering en nood is vir die meeste ouers nie onbekend nie en daarby kan hulle ook onderskeid tref tussen hulle kinders se onvermoë en luiheid. Dit blyk dus dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (vergelyk paragraaf 6.4.3.4).

Die meerderheid ouers onderskryf die gedagte dat die mening van kinders by gesinsbesluite in ag geneem behoort te word en ook dat die kinders van hulle ouers mag verskil indien hulle idees beter is. 'n Negatiwiteit is te bespeur in die feit dat 43,4% ouers nie saamgestem het dat kinders mag verskil van hulle ouers as hulle idees beter is nie. Daar kan wel tot die gevolgtreking gekom word dat die meerderheid ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar (vergelyk paragraaf 6.4.3.4).

Uit die empiriese navorsing blyk dit dat die gevolgtrekking gemaak kan word dat die ouers oor die algemeen beskikbaar is vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die oorweldigende aantal ouers wat beskikbaar is om 'n uur per dag aandag te skenk aan hulle kinders se huiswerk bevestig die voorafgaande. Verder blyk dit dat daar ook meer moeders is wat hulself beskikbaar stel om betrokke te wees by hulle kinders se huiswerk as vaders (vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

Heelwat ouers is geredelik beskikbaar om oueraande by te woon wat in verband staan met skoolwerk en is ook smiddae na skool vir hulle kinders beskikbaar. Die positiewe tendens word in 'n mate verdof as in ag geneem word dat 22,9% ouers se kinders in die sorg van naskoolsentrums, huishulpe en ander toesig is ( vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

Ouerinspraak lê vir die individuele ouer na aan die hart en dit blyk verder dat die oorgrote meerderheid individuele ouers ook beskikbaar wil wees deur middel van ouerinspraak in die ouerverenigings en bestuursrade (vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

Die ouers wil ook beskikbaar wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys deur middel van finansies. Die oorgrote meerderheid ouers wil betrokke wees by fondsinsamelingsprojekte en skoolfonds wat gesamentlik deur die skool en ouers geloods word (vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

Werksomstandighede is klaarblyklik die hoofoorsaak dat ouers onbetrokke is by skoolaktiwiteite soos die afrigting van sport en kultuur. In teenstelling hiermee is die meerderheid ouers beskikbaar om te werk by skoolfunksies, wat daarop dui dat hulle nie onwillig is om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie (vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

Die ouers is nie geredelik beskikbaar vir kulturele bedrywighede by die skool of vir skoolaktiwiteite nie. In teenstelling met voorafgaande inligting word die indruk gewek dat die ouers tevrede is met hulle beskikbaarheid by skoolaktiwiteite. Hier is dus sprake van 'n diskrepansie (vergelyk paragraaf 6.4.4.4).

'n Positiewe beeld word verkry van die ouers ten opsigte van hulle poging om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep. Afgesien van die saamdoen van huishoudelike take, bestee die meerderheid ouers meer as 30 minute per dag aan hulle kinders. Dié ontmoetingsverhouding kan die basis skep vir 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Langeveld (1956:30) wys daarop dat kinders wat godsdienstig is vanuit dié geborgenheid in 'n sinvole wêreld leef. Met bogenoemde in gedagte, kan die 56,1% ouers wat gereeld huisgodsdiens hou, beskou word as opvoeders wat sorg dra dat hulle kinders sinvolle geborgenheid beleef. Die teendeel is ook van toepassing op die res van die ouers wat toelaat dat huisgodsdiens nie 'n vaste plek in hulle huishouding inneem nie. Die redes wat die ouers vir die neutrale houding aanvoer is dat huisgodsdiens gehou word indien daar tyd is of dat dit onmoontlik is weens die gejaagde lewe (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Die feit dat ouers bereid is om sekere verantwoordelikhede aan hulle kinders toe te vertrou en dat die ouers toelaat dat hulle kinders van hulle mag verskil, dra positief by tot die skepping van 'n geborgenheidsruimte (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Aanduidings dat die meerderheid ouers tyd saam met hulle kinders verwyl deur middel van gesprekke en ook huishoudelike take saam met hulle te verrig, wys daarop dat daar opvoedingsituasies geskep word wat gerig is op 'n geborgenheidsruimteskepping (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Diskrepansie tussen die ouers se handeling en voorneme is ook hier te sprake. Die oorgrote meerderheid ouers stem heelhartig saam dat kinders en ouers nader aan mekaar voel as hulle saam werk en speel, maar van die ouers dui aan dat hulle soms of nooit met hulle kinders speel nie (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Die aanduidings dat die meerderheid ouers gereeld of soms van mekaar verskil met betrekking tot tugmaatreëls kan verder bydra tot 'n ongeborgenheid in die gesinne (vergelyk paragraaf 6.4.5.4).

Die ouers sien daadwerklik toe dat hulle kinders deelneem aan kulturele bedrywighede by die skool, maar hulle aktiewe voorlewing laat veel te wense oor, aangesien die meeste van hulle selde of ooit volksfeeste bywoon (vergelyk paragraaf 6.4.6.4).

Die mening van die ouers dat volkstradisies aan hulle kinders oorgedra moet word, word mondeling deur die ouers gedoen, maar deur hulle persoonlike voorlewing skitter die ouers in hulle afwesigheid (vergelyk paragraaf 6.4.6.4).

As kultuurdraers verrig die ouers wel 'n funksie omdat hulle sorg dra dat hulle moedertaal suiwer gepraat word (vergelyk 6.4.6.4).

Volgens die navorsing is die lewensopvatting van die oorweldigende meerderheid blanke Afrikaanssprekende ouers geskoei op die Christelike lewensopvatting. Daar is wel enkele ouers wat die pragmatiese en liberalistiese lewensopvatting onderskryf. Die kommunistiese lewensopvatting vind geen plek by die ouers in die navorsing nie (vergelyk paragraaf 6.4.6.4).

Deur die navorsing is vasgestel dat sommige resultate in verband met mekaar gebring kan word terwyl ander op hulle beurt diskrepansie aantoon. Daar kan positiewe tendense geïdentifiseer word in die vergelykende studie, wat hier kortliks weergee word (vergelyk paragraaf 6.4.7.3).

Ouers wat ten volle betrokke wil wees by hulle kinders se opvoedende onderwys, het

- hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar omdat hulle grondige kennis gedra het van hulle kinders se diepste behoeftes;
- hulle beskikbaar gestel om oueraande in verband met skoolwerk gereeld by te woon;
- as individuele ouers hulself ook beskikbaar gestel vir hulle kinders se opvoedende onderwys deur middel van ouerinspraak by die skool;
- ook aangedui dat hulle as ouers nie so geredelik beskikbaar is vir samewerking by skoolaktiwiteite nie, en
- selde of ooit kultuuraktiwiteite by die skool bygewoon en sodoende hulle kultuurverantwoordelikheid om as kultuurdraers op te tree, versuim.

Die ouers wat beskikbaar is ten opsigte van die tyd wat hulle bestee aan hulle kinders se huiswerk en ook kennis dra van hulle kinders se hunkering en nood, kan beskou word as skeppers van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders.

Die navorsing toon verder aan dat die ouers wat hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar ook vir hulle 'n geborgenheidsruimte probeer skep. Die ouers wat die oortuiging huldig dat hulle kinders se mening in aanmerking geneem behoort te word by gesinsbesluite, staan ook positief tyd af aan hulle kinders deur middel van gesprekke.

Ouers faal in hulle verantwoordelikheid om as kultuurdraers op te tree omdat hulle nie aktief is in hulle voorlewing nie. Dit word verder gestaaf deur die feit dat meer as die helfte ouers nooit volksfeeste bywoon nie en dat die ouers wat 'n Christelike lewensopvatting voorstaan dit nie deur middel van huisgodsdiens verder uitdra nie.

In hierdie hoofstuk is vraelysantwoorde met betrekking tot verskillende aspekte van die rol wat die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van die die primêre kind vervul, aangebied en bespreek.

In hoofstuk 7 word die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.